- “verklaarde pad”** 'n primêre pad, 'n hoofpad, 'n distrikspad, 'n kleinpad of 'n openbare vervoerpad wat ingevolge hierdie Wet verklaar is of geag word aldus ingevolge hierdie Wet verklaar te wees; 40
- “verklaarde spoorlyn”** 'n spoorlyn wat ingevolge hierdie Wet verklaar is;
- “vervoerinfrastruktuur”** ook verklaarde provinsiale en munisipale paaie, bykomstige padinfrastruktuur, spoorlyne en bykomstige openbare vervoerinfrastruktuur;
- “voorgeskryf”** of **“by regulasie voorgeskryf”** deur die Minister voorgeskryf by regulasie in die *Provinsiale Koerant*; 45
- “WMFB”** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003);
- “WNOB”** die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998); 50
- “WOFB”** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

Bestek van hierdie Wet

2. Hierdie Wet is bedoel om provinsiale en munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur wat ingevolge hierdie Wet verklaar is of geag word verklaar te wees, te administreer, insluitende die beplanning, verklaring, advertering, toegangsbeheer, subsidie en befondsing van sodanige vervoerinfrastruktuur. 55

Owerhede verantwoordelik vir vervoerinfrastruktuur

3. (1) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verantwoordelik vir die beplanning, ontwerp, verklaring, onteiening, konstruksie, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur is— 5
- (a) die Minister in die geval van primêre, hoof-, distriks-, klein- en openbare vervoerpaaië, openbare voetpaaië en spoorlyne wat ingevolge die Ordonnansie of artikel 18 verklaar is, waardeur die Provinsie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir sodanige pad of spoorlyn is; 5
 - (b) die betrokke munisipaliteit in die geval van hoof-, distriks-, klein- en openbare vervoerpaaië, openbare voetpaaië en spoorlyne wat ingevolge die Ordonnansie of artikel 18 verklaar is, waardeur die munisipaliteit die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir sodanige pad of spoorlyn is. 10
- (2) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verantwoordelik vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, onteiening, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering en rehabilitasie van bykomstige pad- en openbare vervoerinfrastruktuur is— 15
- (a) die Minister in die geval van bykomstige pad- en openbare vervoerinfrastruktuur wat ingevolge artikel 18 verklaar is, waardeur die Provinsie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir sodanige infrastruktuur is; 20
 - (b) die betrokke munisipaliteit in die geval van bykomstige pad- en openbare vervoerinfrastruktuur wat ingevolge artikel 18 verklaar is, waardeur die munisipaliteit die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir sodanige infrastruktuur is; 25
- (3) Die Minister of 'n munisipaliteit, na gelang van die geval, is verantwoordelik vir die aktiwiteite genoem in subartikels (1) en (2), behoudens beskikbare finansiële hulpbronne.
- (4) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan met 'n ander pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid ooreenkom dat die verantwoordelikheid vir sekere van of al die aspekte rakende verklaarde vervoerinfrastruktuur in subartikels (1) en (2) genoem, na die ander pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid oorgedra word op die bepalings en voorwaardes waarop daar ooreengekom word, wat moet insluit voorwaardes oor die finansiële verantwoordelikhede vir die betrokke aspekte, met dien verstande dat 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word om sodanige ooreenkoms te weerspieël. 30 35

Eienaarskap van vervoerinfrastruktuur

4. (1) Eienaarskap van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, waar dit ingevolge die Ordonnansie of kragtens artikel 18 verklaar is, berus by die Provinsie waar die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die Minister is, of by die munisipaliteit waar die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die munisipaliteit is. 40
- (2) Beheer en bestuur van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en van die grond binne die verklaarde reserwes waaroor dit verklaar is, berus by die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid waar dit ingevolge die Ordonnansie of kragtens artikel 18 verklaar is. 45
- (3) Gedeeltes van eiendomme wat van die oorspronklike eienaars verkry is, kan vervreem en van die oorspronklike eienaar na die Provinsie of munisipaliteit oorgedra word op versoek van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, en die titelaktes van daardie gedeeltes van eiendomme kan op naam van die Provinsie of die munisipaliteit geregistreer word. 50
- (4) Beperkings wat deur die reserwe geplaas word op alle gedeeltes van eiendomme wat die reserwe uitmaak waar titel op die eiendom waaroor die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verklaar is, op die naam van die oorspronklike eienaar bly, moet by die Registrateur van Aktes geregistreer word en op die titelakte van elke eiendom aangedui word, met dien verstande dat dit nie 'n vereiste is om sodanige beperkings te registreer nie ten opsigte van paaie wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan en wat nie te eniger tyd daarna gesluit is nie. 55
- (5) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet word alle titelaktes van eiendomme waarvan eienaarskap voorheen by die Padtrustees berus het 60

wat ingevolge die Ordonnansie ingestel is, ingevolge hierdie subartikel na die Provinsie oorgedra.

(6) Eienaarskap van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur kan saam met die gesag, regte en verantwoordelikhede, in geheel of gedeeltelik, van een pad- of openbare vervoerowerheid na 'n ander oorgedra word ingevolge artikel 18(3) of artikel 36(1) of 5 waar die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk 'n pad as 'n nasionale pad oorneem ingevolge die Wet op Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 van 1998).

(7) Indien—

- (a) enige pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verskuif, gewysig of 10 permanent gesluit word; of
- (b) die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur smaller gemaak of gewysig word wat tot oortollige grond lei; of
- (c) 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n grondeenaar in kennis 15 stel dat hy nie beoog om voort te gaan om 'n gruisgroef te bedryf nie wat op sodanige grond deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid bedryf is,

moet die regte gelyk aan dié van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuurserwituut van die grond wat daardeur ophou om deel van die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te wees, tesame met die eienaarskap, beheer en bestuur 20 van alle werke en dinge daaraan geheg, tensy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* anders gelas, oorgaan op en vestig in die eienaar van die eiendom waarvan dit oorspronklik deel uitgemaak het voordat die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verklaar is; met 25 dien verstande dat vergoeding ten opsigte van sodanige oordrag van regte, waarvan die berekening voorgeskryf kan word, vereis kan word, en verder met dien verstande dat die bepalinge van hierdie artikel nie van toepassing is nie op grond wat by die Padtrustees berus.

(8) Die Provinsie kan beskik oor grond wat in die eienaarskap van die Provinsie gevestig is deur die oordrag van eienaarskap van die Padtrustees ingevolge subartikel 30 (5) en nie meer nodig is nie vir enige doel wat met vervoerinfrastruktuur verband hou.

Professionele ingenieurs, stadsbeplanners of argitekte verantwoordelik vir spesifieke funksies

5. (1) Die Minister of 'n munisipaliteit, na gelang van die geval, moet verseker dat die funksies wat ingevolge hierdie Wet verrig word, onderneem word onder die 35 verantwoordelikheid en noulettendheid van 'n gepas gekwalifiseerde professionele persoon, behoudens subartikel (2).

(2) Geen persoon behalwe 'n professionele ingenieur of professionele tegnoloog geregistreer by die Ingenieursraad van Suid-Afrika, ingestel ingevolge die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet No. 46 van 2000), of 'n stadsbeplanner of argitek 40 geregistreer ingevolge die betrokke professionele akkrediteringsliggaam, mag verantwoordelik wees nie vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne rakende navorsing, tegniese ontleding en aanbevelings vir toekomstige vervoerinfrastruktuur.

(3) Geen persoon behalwe 'n professionele ingenieur of professionele tegnoloog 45 geregistreer by die Ingenieursraad van Suid-Afrika, ingestel ingevolge die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet No. 46 van 2000), mag verantwoordelik wees vir die toesig oor en goedkeuring van tegniese strategieë of planne rakende die volgende aktiwiteite, wat by regulasie verder voorgeskryf kan word:

- (a) Die ontwerp van siviele, strukturele, elektriese en meganiese 50 ingenieurskomponente van vervoerinfrastruktuur;
- (b) die ontwikkeling van remediërende en instandhoudingstrategieë van bestaande vervoerinfrastruktuur;
- (c) die bestuur van die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur.

DEEL 2:**KLASSIFIKASIE EN STANDAARD RESERWEBREEDTES VAN
VERVOERINFRASTRUKTUUR****Klassifikasie van verklaarde provinsiale en munisipale paaie en spoorlyne**

6. (1) Paaie en spoorlyne in die Provinsie word soos volg geklassifiseer: 5
- (a) Primêre paaie, onder beheer van die Minister;
 - (b) hoofpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (c) distrikspaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (d) kleinpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (e) openbare vervoerpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit; 10
 - (f) openbare voetpaaie, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit;
 - (g) swaar spoorlyne, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit; en
 - (h) ligte spoorlyne, onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit.
- (2) Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede moet, in elke kennisgewing wat ingevolge artikel 18 in die *Provinsiale Koerant* geplaas word, die pad of spoorlyn wat in sodanige kennisgewing verklaar word, klassifiseer as een van die tipes in subartikel (1) genoem en verklaar of dit onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit sal wees. 15
- (3) 'n Openbare vervoerpad wat in geheel binne die padreserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad geleë is, moet die klassifikasie kry van die pad in wie se reserwe hy geleë is. 20
- (4) Die Minister kan van tyd tot tyd, na oorleg met die betrokke munisipaliteite, die klassifikasie van 'n provinsiale pad of spoorlyn verander by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.
- (5) Die Minister kan 'n provinsiale pad wat in subartikel (1)(a) tot (e) geklassifiseer is, tot 'n provinsiale tolpad verklaar ingevolge, en na toepassing van die voorskrifte van, die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet No. 11 van 1999). 25
- (6) 'n Munisipaliteit kan van tyd tot tyd, na oorleg met die Minister en die ander geaffekteerde munisipaliteite, die klassifikasie van 'n munisipale pad of spoorlyn wysig by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, behoudens subartikel (6).
- (7) Waar 'n munisipale pad of spoorlyn deur die Minister gesubsidieer word 30 ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 24 beoog, moet 'n munisipaliteit goedkeuring vir sodanige verandering of klassifikasie verkry voor die publikasie daarvan by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*.

Standaard minimum reserwebreedtes van verklaarde paaie en spoorlyne

7. (1) Behoudens subartikel (2) is die standaard minimum reserwebreedtes van paaie 35 en spoorlyne wat ingevolge Deel 4 verklaar is, soos volg:
- (a) Primêre paaie: 30 meter;
 - (b) Hoofpaaie: 25 meter;
 - (c) Distrikspaaie: 20 meter;
 - (d) Kleinpaaie: 20 meter; 40
 - (e) Openbare vervoerpaaie: 20 meter, in gevalle waar sodanige pad as 'n onafhanklike fasiliteit verklaar is;
 - (f) Openbare voetpaaie: 2 meter;
 - (g) Swaar spoorlyne: 20 meter;
 - (h) Ligte spoorlyne: 10 meter. 45
- (2) Die Minister of 'n munisipaliteit kan by verklaring, verskuiwing of verandering van 'n pad of spoorlyn ingevolge artikel 18 bepaal dat die pad of spoorlyn 'n ander reserwebreedte moet hê as die standaard reserwebreedte, met dien verstande dat hierdie aspek aandag moet kry in die projekbeplanningsproses wat ingevolge Deel 3 gedoen word. 50
- (3) Die Minister kan ten opsigte van 'n voorheen verklaarde pad of spoorlyn of gedeelte daarvan waarvan die Provinsie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, die reserwebreedte soos verklaar van enige pad of spoorlyn of tipe pad of spoorlyn verander, behoudens—
- (a) oorleg met alle geaffekteerde munisipaliteite; 55
 - (b) die uitvoering van die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 3;
 - (c) 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.

- (4) 'n Munisipaliteit kan ten opsigte van 'n voorheen verklaarde pad of spoorlyn of gedeelte daarvan waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, die reserwebreedte soos verklaar van enige pad of spoorlyn of tipe pad of spoorlyn verander, onderhewig aan—
- (a) oorleg met alle ander geaffekteerde munisipaliteite en, waar toepaslik, die Minister; 5
 - (b) die uitvoering van die nodige projekbeplanning ingevolge Deel 3;
 - (c) waar die munisipaliteit die verantwoordelike pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is en die infrastruktuur deur die Provinsie gesubsidieer word, goedkeuring deur die Minister vir sodanige veranderings; 10 en
 - (d) 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer wat die verandering beskryf.
- (5) Die reserwebreedte van alle verklaarde paaie of spoorlyne wat wettig bepaal of gewysig is by die Ordonnansie en van krag is by die inwerkingtreding van hierdie Wet, 15 bly van krag tensy dit ingevolge hierdie Wet verander word.

Klassifikasie en reserwes van verklaarde bykomstige vervoerinfrastruktuur

- 8.** (1) Bykomstige padinfrastruktuur onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit word soos volg geklassifiseer: 20
- (a) Parkeergebied;
 - (b) Rusgebied;
 - (c) Diensperseel met regstreekse toegang;
 - (d) Stilhouplek;
 - (e) Weegbrugterrein;
 - (f) Verkeersbeheersentrum; 25
 - (g) Veekamp; en
 - (h) Materiaalbergingsterrein.
- (2) Bykomstige openbare vervoerinfrastruktuur onder beheer van die Minister of 'n munisipaliteit word soos volg geklassifiseer: 30
- (a) Openbare vervoerwisselaar;
 - (b) Rangeerfasiliteit;
 - (c) Depot; en
 - (d) Beheer- en inligtingsentrum.
- (3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet, in elke kennisgewing van verklaring uitgereik ingevolge artikel 18 wat in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word, die bykomstige vervoerinfrastruktuur wat in sodanige kennisgewing verklaar word, klassifiseer as een van die tipes in subartikels (1) en (2) genoem, behalwe waar die bykomstige vervoerinfrastruktuur geleë is binne en deel uitmaak van die reserwe van die infrastruktuur wat ingevolge artikel 6 verklaar is. 35
- (4) Die Minister of 'n munisipaliteit, na gelang van die geval, kan in oorleg met die betrokke owerhede die klassifikasie van provinsiale of munisipale bykomstige vervoerinfrastruktuur by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verander, behoudens subartikel (5). 40
- (5) Waar munisipale bykomstige vervoerinfrastruktuur deur die Minister gesubsidieer word ingevolge 'n ooreenkoms in artikel 24 beoog, moet 'n munisipaliteit toestemming van sodanige verandering van klassifikasie kry voor die aanvang van die projekbeplanningsproses. 45
- (6) Die reserwe van bykomstige vervoerinfrastruktuur word bepaal deur die projekbeplanningsproses ingevolge Deel 3 voor die verklaring van die bykomstige vervoerinfrastruktuur. 50
- (7) Die Minister kan die reserwe van voorheen verklaarde bykomstige vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, verander, behoudens—
- (a) oorleg met geaffekteerde munisipaliteite;
 - (b) die doen van die nodige beplanningsevaluering ingevolge Deel 3; 55
 - (c) 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.
- (8) 'n Munisipaliteit kan die reserwe van voorheen verklaarde bykomstige vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, verander, behoudens—
- (a) oorleg met alle geaffekteerde munisipaliteite en, waar toepaslik, die Minister; 60
 - (b) die doen van die nodige beplanningsevaluering ingevolge Deel 3;

- (c) waar die munisipaliteit die verantwoordelike pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is en die infrastruktuur deur die Provinsie gesubsidieer word, goedkeuring van die Minister vir sodanige verandering; en
- (d) 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer. 5

Boulyne en boubeperkingsgebiede

9. (1) Geen persoon behalwe die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid mag enige struktuur waarvan die geheel of enige deel binne—
- (a) die reserwe van enige vervoerinfrastruktuur, 10
- (b) die boulyn van 'n pad of spoorlyn, of
- (c) die boubeperkingsgebied van 'n pad of spoorlyn, val, oprig of installeer of laat oprig of installeer nie op grond wat deur hom besit word of onder sy bestuur of beheer is, behalwe met die toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 15
- (2) Boulyne en boubeperkingsgebiede is van toepassing op alle primêre, hoof-, distriks- en openbare vervoerpaaië en spoorlyne wat ingevolge Deel 3 verklaar is: met dien verstande dat enige boulyn of boubeperkingsgebied wat verklaar is vir paaië wat voorheen ingevolge die Ordonnansie of ander wetgewing verklaar is, ooreenkomstig daardie vorige verklaring bly. 15
- (3) In gebiede buite 'n stedelike gebied— 20
- (a) bestaan 'n boulyn verder as die reserwe van verklaarde paaië of spoorlyne aan elke kant van die pad of spoorlyn op 'n afstand van 5 meter gemeet reghoekig tot die middellyn van die pad of spoorlyn;
- (b) bestaan 'n boubeperkingsgebied binne 'n afstand van 100 meter gemeet aan elke kant en reghoekig tot die middellyn van die pad of spoorlyn; en 25
- (c) bestaan 'n boubeperkingsgebied binne 'n sirkel met 'n radius van 500 meter gemeet van die snypunt van die middellyn van die pad of spoorlyn met die middellyn van 'n ander verklaarde pad of spoorlyn.
- (4) In gebiede binne 'n stedelike gebied bestaan 'n boulyn verder as die reserwe van verklaarde paaië of spoorlyne aan elke kant van die pad of spoorlyn op 'n afstand van 5 meter gemeet reghoekig tot die middellyn van die pad of spoorlyn. 30
- (5) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan ten opsigte van 'n pad of spoorlyn of gedeelte daarvan onder sy beheer 'n boubeperkingsgebied by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verander.
- (6) 'n Persoon kan op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe aansoekgelde by 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid aansoek doen vir 'n afwyking van beperkings gestel deur 'n boubeperkingsgebied, of waar die oprigting van 'n struktuur binne die reserwe beoog word, wat toegestaan of geweier kan word met inagneming van die aard van die betrokke pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, die ontwikkeling of voorgestelde ontwikkeling aangrensend aan daardie pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en ander faktore wat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid as tersaaklik beskou. Waar die aansoeker nie die eienaar is nie van 'n struktuur waarop 'n afwyking van beperkings verlang word, moet hy tot tevredenheid van die pad- of vervoerinfrastruktuurowerheid toon dat hy gemagtig is om te onderhandel namens, en dat die voorstel aanvaarbaar is vir, die eiendomseienaar. 40 45
- (7) Waar daar ingevolge subartikel (6) aansoek gedoen word, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n struktuur binne die boubeperkingsgebied wat 'n spesifieke stuk grond of gedeelte daarvan raak of binne die reserwe, na kennisgewing soos voorgeskryf aan die eienaar daarvan en nadat sodanige eienaar 'n geleentheid gebied is om gehoor te word. 50
- (8) In die geval van vervoerinfrastruktuur wat 'n subsidie ontvang ingevolge 'n ooreenkoms met die Minister, moet 'n munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid met die Minister oorleg pleeg voor die uitvoering van die handelinge waarvoor subartikels (5) en (7) voorsiening maak.

DEEL 3:**BEPLANNING EN VERKLARING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR****Vervoerstelselbeplanning**

10. (1) Die Minister moet verseker dat vervoerstelselbeplanning van die paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur waarvan die Provinsie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, gedoen word soos voorgeskryf, en moet jaarliks aanvullings van sodanige beplanning, insluitende begrotings, opstel as inset vir sy begrotingsiklusse en implementeringsprogramme. Hierdie aanvullings moet aan munisipaliteite in die Provinsie beskikbaar gestel word sodat die betrokke projekte en programme by munisipale GVP's ingesluit kan word, en moet ook in die PLVR-aanvullings verskyn. 5 10

(2) Alle munisipaliteite moet—

- (a) verseker dat vervoerstelselbeplanning van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in hulle gebiede by hulle GVP's ingesluit word soos vereis by die NLTTA en regulasies en vereistes uitgevaardig ingevolge daardie Wet; 15
- (b) verseker dat beplanning en begroting vir die konstruksie, opgradering en instandhouding van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur onder die gesag van al die sferes van regering wat pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede in die munisipale gebied is, insluitende ander munisipaliteite, die Provinsie en die nasionale regering, by jaarlikse aanvullings van hulle GVP's ingesluit word; en 20
- (c) inligting oor sodanige beplanning en begroting betyds aan die Minister voorlê om te verseker dat dit by die betrokke aanvulling van die Provinsie se PLVR ingesluit word. 25

Rekords van provinsiale en munisipale vervoerinfrastruktuur

11. (1) Na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Minister 'n omvattende lys en gepaardgaande data soos voorgeskryf van alle verklaarde provinsiale en munisipale vervoerinfrastruktuur in die Provinsie saamstel en dit klassifiseer ooreenkomstig artikels 6 en 8, gegrond op die assesserings in artikel 35(1) beoog. 30

(2) Voordat die lys gefinaliseer word, moet die Minister—

- (a) 'n konsep daarvan aan alle tersaaklike munisipaliteite voorlê;
- (b) hulle kommentaar vra met betrekking tot die konseplys binne 180 dae na ontvangs van die lys; en
- (c) behoorlike oorweging skenk aan enige kommentaar wat ingevolge paragraaf (b) ontvang is. 35

(3) Die Minister moet 'n identifikasienommer of -kode toewys aan elke pad, spoorlyn en ander vervoerinfrastruktuur wat ingevolge subartikel (1) gelys is.

(4) Na samestelling van die lys in subartikel (1) beoog, moet die Minister die lys hou en deurlopend aanvul, en dit moet— 40

- (a) vir die publiek ter insae beskikbaar wees gedurende kantoorure op die plek of plekke wat die Minister aanwys, en
- (b) aangevul word telkens wanneer 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur verklaar, verskuif, herklassifiseer of gesluit word of wanneer die verklaring daarvan ingetrek word. 45

(5) Elke munisipaliteit in die Provinsie moet 'n lys hou van alle verklaarde provinsiale en munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in sy gebied, op grond van dieselfde nommer- of kodestelsel in subartikel (3) bedoel, en subartikel (4)(a) en (b) is met die nodige veranderinge op so 'n lys van toepassing.

Projekbeplanningsproses 50

12. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet 'n projekbeplanningsproses onderneem voor verklaring ingevolge artikel 18, waar hy voornemens is om die volgende te verklaar:

- (a) die bestaan van 'n nuwe pad, spoorlyn, bykomstige padinfrastruktuur of bykomstige openbare vervoerinfrastruktuur; 55

- (b) die verskuiwing van 'n bestaande verklaarde pad of spoorlyn waardeur die hele beplande reserwe buite die bestaande reserwe val;
- (c) die verbreding van die reserwe van 'n pad of spoorlyn of 'n wysiging van die reserwe van bestaande verklaarde bykomstige padinfrastruktuur of bykomstige openbare vervoerinfrastruktuur, behoudens artikel 12(8); 5
- (d) die verskuiwing of wysiging van verklaarde beplande vervoerinfrastruktuur nog onder konstruksie; en
- (e) die permanente sluiting van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur.
- (2) Voor die aanvang van die projekbeplanningsproses vir een van die aktiwiteite in subartikel (1)(a) tot (e) genoem, moet 'n ooreenkoms tussen die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid en enige ander owerhede wat betrokke moet wees by prosesse ingevolge die WNOB of die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999), aangegaan word oor die bestek van: 10
- (a) tegniese beplanning in soverre dit nodig is om die voorkeurbelyning of alternatiewe belynings, uitleg of alternatiewe uitlegte, reserwe en eiendomsverkryging van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te definieer; 15
- (b) 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses ooreenkomstig die WNOB, indien wel; 20
- (c) openbare deelname ooreenkomstig die WNOB en soos verder bepaal in artikel 13, indien wel; en
- (d) 'n erfenisinvoeldebepaling ooreenkomstig die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999), indien wel.
- (3) Die tegniese beplanning moet in genoeg besonderhede gedoen word sodat— 25
- (a) die sleutelimplikasies van die implementering van die roete of uitleg, of die alternatiewe wat geïdentifiseer is, wat vervoerinvloede, grondgebruikinvloede en die identifisering van eiendomme wat verkry moet word vir die implementering van die roete of elke alternatiewe roete, indien wel, geïdentifiseer kan word; en 30
- (b) na oorweging van die kommentaar voortspruitend uit die proses van openbare deelname in subartikel (5), die uitkoms van die beplanningsproses vaste aanbevelings oplewer ten opsigte van die voorkeuroete of -uitleg en -reserwe.
- (4) In die geval van 'n beplanningsproses wat onderneem word as deel van 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses ooreenkomstig die WNOB, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, as deel van die beplanningsproses, 'n proses van openbare kennisgewing onderneem ooreenkomstig die vereistes van die WNOB. 35
- (5) Waar die beplanningsproses nie as deel van 'n geïntegreerde omgewingsbestuursproses ooreenkomstig die WNOB gedoen word nie, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid na voltooiing van die beplanningsproses belanghebbende en geaffekteerde partye in kennis stel en 'n kennisgewing laat publiseer in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer, bevattende— 40
- (a) 'n beskrywing van die voorgestelde roete of uitleg of alternatiewe roetes of uitlegte;
- (b) besonderhede van die tye en plekke waar insae in die bevindings van die beplanningsproses en omgewingsbestuursproses gekry en afskrifte verkry kan word; 45
- (c) 'n kennisgewing waarin alle belanghebbende en geaffekteerde partye genooi word om voor 'n datum minstens 30 dae na die publikasie van die kennisgewing, skriftelik kommentaar te lewer op die implikasies van die alternatiewe roetes of uitlegte. 50
- (6) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet met die betrokke munisipaliteite in wie se gebiede die vervoerinfrastruktuur geleë is of sal wees, oorleg pleeg en hulle versoek om binne 'n vasgestelde tyd skriftelike kommentaar voor te lê oor die tegniese beplanning en omgewingsverslae wat ingevolge die WNOB vereis word, met spesifieke verwysing ook na die uitwerking wat die voorgestelde alternatiewe roetes of uitlegte kan hê op enige GVP, ruimtelike raamwerk of ander strategiese munisipale ontwikkelingsbeplanning van die betrokke munisipaliteit. Waar die projek 'n uitwerking het op vervoerinfrastruktuur onder die gesag van 'n ander sfeer of sfere van regering, moet daardie sfere van regering of hulle agentskappe ook geraadpleeg word. 60
- (7) Waar 'n gedeelte van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verskuif moet word, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n beplanningsprosedure onderneem oor die oorbodige vervoerinfrastruktuur, hetsy afsonderlik of as

deel van die proses van verskuiwing van die infrastruktuur, om een of meer van die volgende te verkry:

- (a) wysig die klassifikasie;
- (b) trek die verklaring in;
- (c) dra die infrastruktuur en eiendom oor aan 'n private persoon, maatskappy of ander owerheid; of
- (d) sluit permanent.

(8) 'n Beplande of bestaande roete en reserwe of gedeelte daarvan van 'n pad of spoorlyn of die omvang en reserwe van ander vervoerinfrastruktuur, wat voorheen verklaar is ooreenkomstig die prosedures ingevolge artikel 18, kan deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verbreed of gewysig word sonder dat 'n beplanningsproses ooreenkomstig subartikels (1) tot (7) gevolg hoef te word, met dien verstande dat:

- (a) ten minste 'n deel van die verskuifde of gewysigde reserwe nie soveel van die bestaande reserwe afwyk dat dit heeltemal binne die breër of gewysigde reserwe val nie;
- (b) in die geval van 'n pad of spoorlyn, die nuwe reserwe aan een of albei kante van die reserwe nie meer as 5 m van die bestaande reserwe afwyk nie; en in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur, die nuwe reserwe nie meer as 5 m verder as die bestaande reserwe geleë is nie;
- (c) die lengte van sodanige verbreding of wysiging nie langer as 'n aaneenlopende lengte van 1 000 m is nie;
- (d) alle belanghebbende en geaffekteerde partye skriftelik in kennis gestel is deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid en genooi is om skriftelik kommentaar te lewer voor 'n datum nie later nie as 30 dae na kennisgewing.

Geïntegreerde omgewingsbestuursproses en openbare deelname

13. (1) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet 'n omgewingsbestuursproses laat onderneem in koördinasie met die tegniese beplanning van die voorgestelde roete of alternatiewe roetes van 'n pad of spoorlyn, of die uitleg of alternatiewe uitlegte van bykomstige vervoerinfrastruktuur, sodat die tegniese beplanningsimplikasies van sodanige roete(s) of uitleg(te) ingevolge subartikel (3) saam met die omgewings- en ander implikasies van die projek oorweeg word.

(2) Die geïntegreerde omgewingsbestuursproses moet ingevolge Hoofstuk 5 van die WNOB gedoen word.

(3) Die proses van openbare deelname wat by die WNOB voorgeskryf word, moet die insluit die proses van oorlegpleging wat nodig is om kommentaar en verhoë in verband met die uitwerking van alle aspekte van die projek te versprei en te proseseer.

(4) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid en die bevoegde owerheid wat die geïntegreerde omgewingsbestuursproses administreer wat in die WNOB beoog word, moet alle geïntegreerde omgewingsbestuursprosesse, insluitende tegniese ondersoek, spesialisstudies en die proses van openbare deelname, in 'n enkele proses koördineer.

Beplanningsproses voor permanente sluiting

14. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet 'n evaluasieproses onderneem voor die verklaring ingevolge artikel 18 van die implikasies van—

- (a) die voorneme om die verklaring van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur in te trek en dit permanent fisies te sluit en na 'n ander gebruik te verander;
- (b) die voorneme om die verklaring van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur in te trek en die benaming daarvan te verander na 'n straat wat deur 'n munisipaliteit gadministreer word; of
- (c) die intrekking van verklaring van 'n verklaarde beplande vervoerinfrastruktuur wat nog nie gebou is nie:

met dien verstande dat waar fisiese sluiting bedoel word, die evaluasieproses moet plaasvind in die vorm van 'n omgewingsinvloedbepaling soos in die WNOB beoog.

(2) Die beplanningsproses in subartikel (1) beoog, moet onder andere die implikasies identifiseer van die sluiting van die vervoerinfrastruktuur vir aangrensende grondgebruik en die gevolge van die hertoewysing van verkeer wat die vervoer-

infrastruktuur voor die sluiting gebruik, na ander vervoerinfrastruktuur as gevolg van die sluiting.

(3) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet, na afhandeling van sodanige evaluasie, alle belanghebbende en geaffekteerde partye in kennis stel en 'n kennisgewing laat publiseer in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer, bevattende: 5

- (a) 'n beskrywing van die infrastruktuur wat gesluit gaan word;
- (b) besonderhede van die tye en plekke waar insae in die bevindings van die evaluasie van die sluiting gekry kan word; en
- (c) 'n kennisgewing waarin alle belanghebbende en geaffekteerde partye genooi word om voor 'n datum, hoogstens 30 dae na die publikasie van die kennisgewing, skriftelik kommentaar te lewer op die implikasies van die sluiting. 10

(4) Wanneer die bedoeling is om 'n pad fisies te sluit ingevolge hierdie artikel, moet die pad- of openbare vervoerowerheid 'n kennisgewing oprig wat vir 'n tydperk van ten minste 60 dae vertoon moet word by die punt van voorgenome sluiting, of by elke punt van die geaffekteerde gedeelte of gedeeltes, wat sodanige bedoeling in elke amptelike taal aandui en meld aan wie kommentaar of besware gerig kan word. 15

(5) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet met die betrokke munisipaliteite in wie se gebiede die vervoerinfrastruktuur geleë is of sal wees, oorleg pleeg en hulle versoek om binne 'n vasgestelde tyd skriftelike kommentaar voor te lê oor die evaluasie, met spesifieke verwysing ook na die uitwerking wat die voorgestelde sluiting kan hê op enige GVP, ruimtelike raamwerk of ander strategiese munisipale ontwikkelingsbeplanning van die betrokke munisipaliteit. Waar die sluiting 'n uitwerking het op vervoerinfrastruktuur onder die gesag van ander sfere van regering, moet daardie sfere van regering of hulle agentskappe ook geraadpleeg word. 20 25

Aansoek deur grondeienaar om vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te verander

15. (1) Enige persoon wat regstreeks deur bestaande of voorgestelde vervoerinfrastruktuur geraak word, kan skriftelik by die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid aansoek doen om 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te sluit, te verskuif of te wysig. So 'n aansoek moet op die voorgeskrewe wyse voorgelê word en moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan. 30

(2) By ontvangs van so 'n aansoek kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid— 35

- (a) dit weier en redes vir sodanige weiering verstrek; of
- (b) indien hy dit steun, behoudens subartikel (3) 'n beplanningsproses of evaluasie ingevolge artikel 12 of 14 onderneem van die implikasies van die verskuiwing, sluiting of wysiging.

(3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan alle uitgawes in verband met 'n aansoek en die beplanningsproses in subartikels (1) en (2) beoog, van die aansoeker verhaal. 40

Besluit deur pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid

16. (1) Na oorweging van kommentaar en vertoë voortspruitend uit artikel 12(5) en (6) moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die tegniese verslae voortspruitend uit die beplanning vir 'n nuwe, verskuifde, gewysigde roete of uitleg van die vervoerinfrastruktuur of die sluiting en intrekking van verklaring daarvan en enige verslae voortspruitend uit die omgewingsbestuursproses asook sodanige kommentaar en vertoë oorweeg. 45

(2) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet binne 180 dae na ontvangs van alle verslae en kommentaar in subartikel (1) bedoel, voortgaan met óf— 50

- (a) die verklaring, verskuiwing, wysiging of sluiting van die vervoerinfrastruktuur, in welke geval, voordat daar met die prosedures ingevolge artikel 18 begin word, die besluit om so 'n verklaring te maak, in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer en die *Provinsiale Koerant* gepubliseer moet word en 'n tydperk van 30 dae na die datum van publikasie toegelaat word vir uitnodigings vir die indiening van appëlle; óf 55
- (b) die intrekking van sy voorneme om die vervoerinfrastruktuur te verklaar, te verskuif, te wysig of te sluit, in welke geval sy besluit in een koerant in elke

amptelike taal wat in die gebied sirkuleer en die *Provinsiale Koerant* gepubliseer moet word.

(3) Geskille oor die verklaring in subartikel (2)(a) bedoel en spesifieke kwessies voortspruitend uit die beplanningsproses en uit verslae wat beskikbaar gestel is aan belanghebbende en geaffekteerde partye in artikel 12(5) en (6) en artikel 14(3) en (5) bedoel, kan deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verwys word om hanteer te word deur die app lproses waarvoor artikel 65 voorsiening maak, waardeur sulke geskille en kwessies afgehandel moet word. 5

Reguleringsbeskermingsmaatreëls vir vervoerinfrastruktuur

17. (1) Met ingang van die datum van die besluit om 'n nuwe, verskuifde of 10 gewysigde roete of uitleg van vervoerinfrastruktuur te verklaar soos ingevolge artikel 16(2)(a) gepubliseer totdat die implementering van die vervoerinfrastruktuur afgehandel is, en ondanks die andersluidende bepalings van enige wet—

(a) mag geen aansoek vir die stigting van 'n dorp, vir onderverdeling van grond, vir enige verandering van grondgebruik ingevolge enige wet of dorpsbeplanningskema of vir enige magtiging in die WNOB beoog, toegestaan word nie— 15

(i) ten opsigte van 'n gebied binne die vervoerinfrastruktuur se reserwegrans wat verklaar is of bepaal is vir verklaring; of

(ii) op die basis van toekomstige toegang tot die vervoerinfrastruktuur 20 waarop genoemde roete of uitleg betrekking het, sonder die skriftelike toestemming van die pad- of openbare vervoerowerheid;

(b) is artikels 41 tot 49, 55 en 56 met die nodige veranderinge van toepassing op 'n boubeperringsgebied wat bestaan ten opsigte van die vervoerinfrastruktuurreserwes wat verklaar is of in die proses van verklaring is; en 25

(c) ondanks die bepalings van artikel 49, mag geen aansoek vir 'n verandering in grondgebruik ten opsigte van 'n stuk grond binne 250 meter van die naaste kant en aanliggend aan die vervoerinfrastruktuurreserwegrans in 'n stedelike gebied toegestaan word nie sonder dat die skriftelike kommentaar van die 30 pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid eers ooreenkomstig die toepaslike beplanningsprosedure verkry en oorweeg is deur die owerheid wat bevoeg is om veranderinge in grondgebruik toe te staan, wat sulke kommentaar behoorlik moet oorweeg.

(2) Nadat 'n besluit in artikel 16(2)(a) beoog, deur die pad- of openbare 35 vervoerinfrastruktuurowerheid geneem is en ondanks enige andersluidende wet, mag geen diensverskaffer enige pyleiding, elektrisiteitsleiding of -kabel, telefoonlyn of -kabel of enige ander struktuur op, oor of onder die gebied binne die vervoerinfrastruktuurreserwegrans lê, bou, verander of daartoe byvoeg nie of enige struktuur van enige aard hoegenaamd op, oor of onder sodanige gebied oprig, verander of daartoe 40 byvoeg nie, uitgesonderd—

(a) indien die skriftelike toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verkry is en ooreenkomstig die voorwaardes wat daardie owerheid bepaal;

(b) ingevolge 'n bestaande geregistreerde serwituut; of 45

(c) kragtens 'n gebruiksreg uitgereik deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid.

Verklaring van vervoerinfrastruktuur deur pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid

18. (1) Behoudens die voltooiing van 'n beplanningsproses uitgevoer ooreenkomstig 50 Deel 3, kan 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, behoudens subartikel (5), by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en vergesel van 'n kennisgewing in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer, verklaar dat—

(a) daar 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander bykomstige vervoerinfrastruktuur is, waar toepaslik ooreenkomstig 'n gepubliseerde plan en reserwe; 55

(b) 'n bestaande verklaarde pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verskuif of gewysig gaan word soos in die kennisgewing vermeld;

(c) 'n bestaande pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur permanent gesluit gaan word soos in die kennisgewing vermeld; of

- (d) die reserwe van 'n gewese roete van 'n pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur wat ingevolge paragraaf (b) verskuif of gewysig is, onder die gesag of eienaarskap van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid bly of na 'n ander eienaar oorgedra word, soos deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid besluit. 5
- (2) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan, behoudens subartikel (3), by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, 'n verklaring wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, intrek nadat hy die toepaslike beplanningsproses ingevolge artikel 14 onderneem het, waarin die implikasies van die intrekking van die verklaring van die vervoerinfrastruktuur oorweeg word. 10
- (3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die gesag, regte, verantwoordelikhede of eienaarskap van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur gedeeltelik of in die geheel oordra na 'n ander pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, behoudens 'n ooreenkoms tussen die partye, waarkragtens sekere werke voor die oordrag onderneem kan word. 15
- (4) Waar 'n munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid voornemens is om 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te verklaar waarvoor hy voornemens is om 'n ooreenkoms met die Minister aan te gaan waarvolgens 'n subsidie deur die Provinsie betaal word met die oog op sy uitgawes, moet die munisipaliteit eers by die Minister aansoek doen vir goedkeuring om dit te verklaar, en enige besware wat ontvang is, aan die Minister deurgee tesame met sy kommentaar daarop en 'n afskrif van die advertensie. 20
- (5) 'n Kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, moet vir elke vervoerinfrastruktuur wat verklaar word—
- (a) meld watter regeringsentiteit die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur sal wees; 25
- (b) die klassifikasie ingevolge artikel 6 aandui in die geval van 'n pad of spoorlyn en artikel 5(1) of (2) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur;
- (c) besonderhede verskaf van die breedte of omvang van die reserwe ingevolge artikel 7(1) in die geval van 'n pad of spoorlyn of artikel 8(6) in die geval van bykomstige vervoerinfrastruktuur; 30
- (d) die ligging, roete en reserwe van die betrokke pad of spoorlyn of die uitleg van ander vervoerinfrastruktuur beskryf deur middel van 'n sketsplan wat by die kennisgewing aangeheg is, wat moet meld dat meer gedetailleerde inligting ter insae lê op 'n plek en op tye in die kennisgewing vermeld. 35
- (6) Waar 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verskuif of gewysig is, word die verskuiwing of wysiging geag 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te wees van dieselfde klassifikasie as dié wat onmiddellik voor die verklaring van die verskuiwing of wysiging op die verskuifde of gewysigde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur van toepassing was. 40

DEEL 4:

PROSEDURES BY SLUITING VAN VERVOERINFRASTRUKTUUR

Permanente sluiting van vervoerinfrastruktuur

- 19.** Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet, voor die fisiese sluiting van 'n pad of ander vervoerinfrastruktuur— 45
- (a) 'n kennisgewing by die punt van sluiting, of by elke punt van die gedeelte of gedeeltes wat gesluit gaan word, oprig wat die publiek inlig oor die besluit oor permanente sluiting; en
- (b) gepaste padverkeerstekens en merke aanbring wat die publiek van die sluiting waarsku en waar nodig gebruikers verwys na die alternatiewe roete, indien van toepassing. 50

Tydlike sluiting en verskuiwing van paaie en spoorlyne

- 20.** (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n pad of spoorlyn waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, of enige gedeelte daarvan, tydelik sluit of verlê of die gebruik daarvan beperk of reguleer— 55

- (a) vir die doel van of hangende die konstruksie, rekonstruksie, rehabilitasie, instandhouding of herstel daarvan;
 - (b) vir die doel van of hangende die konstruksie, oprigting, lê, uitbreiding, instandhouding, herstel of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langs, op, oor, deur, bo-oor of onder sodanige pad of spoorlyn of gedeelte daarvan; 5
 - (c) as gevolg van 'n openbare gebeurtenis wat spesiale maatreëls vereis vir die beheer van verkeer of spesiale voorsiening vir die akkommodering van skares;
 - (d) om enige ander rede wat sodanige optrede noodsaaklik maak; of 10
 - (e) op versoek van enige persoon of owerheid.
- (2) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet die eienaar van grond wat beskadig is as gevolg van optrede ingevolge hierdie artikel, vergoed tot 'n bedrag van hoogstens die werklike finansiële verlies wat deur sodanige eienaar gely is, soos ooreengekom tussen sodanige eienaar en die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of soos ingevolge die Onteieningswet bepaal. 15
- (3) Wanneer 'n pad of spoorlyn of 'n gedeelte daarvan gesluit of verlê word ingevolge hierdie artikel, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gepaste tekens wat sodanige sluiting of verlegging aandui, op die voorgeskrewe vorm en wyse oprig en in stand hou by elke punt van die geslote of verlegde deel, vir die duur van die sluiting of verlegging. 20
- (4) Behoudens die bepalinge van die Promotion of Administrative Justice Act moet 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid voor die tydelike sluiting of verlegging van 'n pad of spoorlyn belanghebbende en geaffekteerde partye in kennis stel en ten minste 7 dae voor die sluiting of verlegging 'n kennisgewing laat publiseer in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer, bevattende: 25
- (a) 'n beskrywing van die besonderhede van die sluiting of verlegging;
 - (b) inligting oor die duur van die sluiting of verlegging;
 - (c) 'n kennisgewing waarin alle belanghebbende en geaffekteerde partye genooi word om verhoë tot die padowerheid te rig. 30
- (5) Enige persoon, maatskappy of ander owerheid wat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid ingevolge paragraaf (e) van subartikel (1) versoek om 'n pad of spoorlyn tydelik te sluit, te verlê of die gebruik daarvan te beperk of te reguleer, moet aan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die koste betaal, soos deur die owerheid bepaal, van die sluiting, beperking, regulering of verlegging van die betrokke pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en van alle ander stappe of voorsorgmaatreëls wat nodig is vir die uitvoering van daardie stappe en om die veiligheid van die gebruikers van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te verseker. 35

Noodverskuiwing of -sluiting 40

21. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan in noodgevalle die sluiting of verlegging van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en die verlegging van verkeer onderneem, behoudens subartikel (2).

(2) Waar die sluiting of verlegging gedoen moet word omrede 'n noodgeval waardeur dit in 'n toestand is wat gevaarlik is vir die publiek, eiendom of verkeer, moet 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid— 45

- (a) waar die situasie dit toelaat, die betrokke owerhede onder wie se gesag nooddienste ingestel is vir die gebied wat deur die verskuiwing of sluiting geraak word, in kennis stel ten einde optrede te koördineer;
- (b) waarskuwings- en roeteleidingstekens voor die verskuiwing installeer om gebruikers in kennis te stel van die sluiting of verlegging en om veiligheid te verseker. 50

Publiek se reg om geslote of verskuifde pad of spoorlyn te gebruik

22. Die publiek kan 'n verklaarde pad of spoorlyn of gedeelte daarvan wat ingevolge hierdie Wet gesluit of verskuif is, gebruik totdat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid deur sigbare middele aangedui het dat die pad of spoorlyn vir openbare verkeer gesluit is. 55

DEEL 5:**FINANSIERING EN SUBSIDIEREËLINGS****Wes-Kaapse Provinsiale Vervoerinfrastruktuurfonds**

23. (1) Behoudens die WOVB kan die Minister 'n fonds instel wat as die Wes-Kaapse Provinsiale Vervoerinfrastruktuurfonds bekend staan, waarin die volgende gestort moet word: 5

- (a) geld wat deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer vir die Fonds bewillig is;
- (b) rente op kontantsaldo's in die Fonds;
- (c) enige ander heffings en enige gelde, huurgeld of ander gelde wat ingevolge hierdie Wet deur die Provinsie gehef word en aan hom betaalbaar is; 10
- (d) ondanks ander wette, boetes betaalbaar deur persone as straf by hulle skuldigbevinding vir misdrywe ingevolge hierdie Wet, asook siviele boetes vir oortredings daarvan;
- (e) gelde wat ontvang word by wyse van bewilliging of skenkings uit enige bron, hetsy binne of buite die Provinsie of die Republiek; en 15
- (f) enige ander geld wat ingevolge hierdie Wet aan die Provinsie betaalbaar is.

(2) Ondanks die bepalinge van die Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet No. 11 van 1999), kan gelde wat uit tol verkry word of ander inkomste wat ingevolge daardie Wet ontvang word, in die Fonds gestort word. 20

(3) Die Minister beheer die Fonds en betaal daaruit alle uitgawes aangegaan in verband met die uitoefening van die bevoegdhede, funksies en pligte van die Minister ingevolge hierdie Wet, en die Minister kan na sy of haar goeëdunke en behoudens die voorwaardes wat hy of sy kan stel—

- (a) die koste van munisipaliteite in verband met verklaarde paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur bestry; en 25
- (b) navorsing of ondersoek onderneem, of opleiding verskaf, op die gebied van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur.

(4) Die Minister moet jaarliks begrotings van uitgawes wat uit die Fonds bestry moet word, aan die Provinsiale Tesourie voorlê en mag geen betalings uit die Fonds maak nie, behalwe ooreenkomstig sodanige begrotings soos deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur, maar hersiene begrotings kan van tyd tot tyd vir goedkeuring voorgelê word. 30

(5) Die Minister kan geld in die Fonds wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, belê ooreenkomstig die Wet op die Openbare Beleggingskorporasie, 2004 (Wet No. 23 van 2004), of by enige instelling wat skriftelik deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is. 35

(6) Die Minister moet behoorlike rekeninge hou van alle geld wat aan die Fonds toeval of daaruit betaal word, wat deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word.

(7) Die Minister moet 'n bankrekening vir die Fonds wat afsonderlik is van die bankrekenings van die Provinsiale Inkomstefonds, open by 'n geregistreerde finansiële instelling wat deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is. 40

(8) Hierdie artikel tree nie in werking nie totdat die uitsluiting van gelde in die Fonds van die Provinsiale Inkomstefonds goedgekeur is deur 'n wet van die nasionale Parlement ingevolge artikel 226(1) van die Grondwet. 45

Subsidieëlings met munisipaliteite

24. (1) Waar 'n munisipaliteit voornemens is om 'n subsidie-ooreenkoms met die Minister aan te gaan in verband met vervoerinfrastruktuur wat hy beoog om te verklaar, moet hy, voor die aanvang van die projekbeplanning ingevolge Deel 3, by die Minister aansoek doen vir goedkeuring van sy voorneme om sodanige vervoerinfrastruktuur te verklaar. 50

(2) Waar 'n munisipale pad voorheen in geheel of gedeeltelik deur die Provinsie befonds is onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, kwalifiseer sodanige pad steeds vir 'n subsidie van die Provinsie.

(3) Waar 'n gewese primêre, hoof-, afdelings- of kleinpad waarvoor die Provinsie die padowerheid was, na 'n munisipaliteit oorgeplaas word by ooreenkoms ingevolge artikel 36, is hierdie Deel ook van toepassing, soos aangevul deur die bepalinge van die ooreenkoms. 55

- (4) 'n Munisipaliteit kan op die voorgeskrewe wyse by die Minister aansoek doen vir enige ander verklaarde munisipale pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur om vir 'n provinsiale subsidie te kwalifiseer, en as die Minister instem, moet 'n skriftelike subsidie-ooreenkoms tussen die Provinsie en die munisipaliteit aangegaan word.
- (5) Subsidies wat deur die Provinsie betaalbaar is vir verklaarde munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur, moet aan hierdie Deel voldoen. 5
- (6) Die Minister kan die vorm van die ooreenkoms voorskryf, wat konstruksie-subsidies en bedryfs-/instandhoudingsubsidies afsonderlik moet dek, wat tussen die Provinsie en 'n munisipaliteit aangegaan moet word ingevolge waarvan 'n subsidie deur die Provinsie aan 'n munisipaliteit betaal word vir die konstruksie, instandhouding en bestuur van 'n verklaarde pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, of 'n groep verklaarde paaie of spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur. 10
- (7) Vir subsidiedoeleindes moet uitgawes wat munisipaliteite op gesubsidieerde paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur kan eis, in die volgende aktiwiteite ingedeel word, wat in meer besonderhede voorgeskryf kan word: 15
- (a) aan konstruksie;
 - (b) aan die instandhouding of herstel wat na die Minister se mening nie die horisontale of vertikale ligging van die betrokke ryvlak of infrastruktuur verander nie;
 - (c) aan die herbedekking van paaie; 20
 - (d) aan die oprigting van heinings;
 - (e) ten opsigte van vergoedingsbetalings ingevolge artikel 23(3); of
 - (f) wat na die mening van die Minister noodwendig aangegaan is aan die beplanning wat vereis word om die geskikste roete en reserwe te bepaal vir die pad of spoorlyn of die uitleg en reserwe van ander vervoerinfrastruktuur wat die owerheid voornemens is om te bou. 25

Begrotings van uitgawes vir subsidiedoeleindes

25. (1) Nie later nie as die eerste dag van Oktober elke jaar moet elke munisipaliteit met verklaarde gesubsidieerde paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in sy gebied begrotings van uitgawes vir die volgende finansiële jaar aan sodanige verklaarde gesubsidieerde paaie, spoorweë of ander vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is ten opsigte waarvan subsidie ingevolge hierdie Wet geëis kan word in sy gebied, in die vorm deur die Minister voorgeskryf, aan die Minister voorlê vir goedkeuring. 30
- (2) Indien 'n munisipaliteit versuim om so 'n begroting van uitgawes voor te lê of om dit betyds te doen, kan die Minister die subsidie aan hom betaalbaar verminder met 'n bedrag wat die Minister bepaal. 35
- (3) Die Minister kan by die goedkeuring van enige begroting enige voorgestelde uitgawe in oorleg met die betrokke munisipaliteit wysig of skrap om enige rede wat hy of sy geskik ag. 40
- (4) 'n Munisipaliteit kan voorgestelde wysigings aan sodanige begroting te eniger tyd aan die Minister voorlê vir goedkeuring.

Bepaling van subsidie vir bedryf, instandhouding en kapitaalbesteding

26. (1) Waar 'n munisipaliteit uitgawes aan verklaarde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur aangaan volgens ooreenkoms met die Minister, moet die Minister 'n subsidie betaal wat soos volg bereken word: 45
- (a) Op kapitaalbesteding—
 - (i) die persentasie van besteding aan die konstruksie van paaie of spoorlyne, insluitende die koste van die verbreding van paaie of spoorlyne of die wysiging van die uitleg van ander vervoerinfrastruktuur en die verkryging van eiendom vir die vergroting van die reserwe vir sodanige vervoerinfrastruktuur as wat die Minister voorskryf, hetsy in die algemeen of in 'n spesifieke geval; en 50
 - (ii) die persentasie van besteding aan die wysiging, verlegging of verwydering, meegebring deur die konstruksie van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, van enige pyp, paal, staanpaal, draad, kabel, geleibuis, riool, toestel, werk, artikel of ding wat deur 'n munisipaliteit gebruik word om enige munisipale diens te verskaf, wat die Minister voorskryf, hetsy in die algemeen of in 'n spesifieke geval. 55

- (b) Op bedryfs- en instandhoudingsuitgawes, waarvan die persentasie voorgeskryf word en wat kan verskil met betrekking tot verskillende tipes paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur.
- (2) Die persentasie subsidie vir kapitaal-, bedryfs- en instandhoudingsuitgawes van 'n openbare vervoerpad wat in geheel binne die reserwe van 'n primêre, hoof-, distriks- of kleinpad is, kan verskil van die subsidie van toepassing op die pad waarin dit geleë is, soos die Minister kan voorskryf. 5
- (3) Geen subsidie word betaal op enige vergoedingsbetalings vir die onteining van grond in verband met paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur wat ingevolge hierdie Wet verklaar is en waarvoor die Provinsie subsidie betaal nie, tensy— 10
- (a) die Minister se skriftelike toestemming om die betrokke eiendom te onteien, verkry is voor die eiendom onteien is; en
- (b) die Minister die betaling van sodanige vergoeding skriftelik goedgekeur het waar dit by ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die eienaar bepaal is.

Subsidie beperk tot uitgawes in goedgekeurde begroting 15

27. (1) Die Minister moet vir elke munisipaliteit, na oorweging van die begroting in artikel 25 beoog, en behoudens die WOFB, 'n subsidie op goedgekeurde kapitaal-, bedryfs- en instandhoudingsuitgawes bepaal.
- (2) Die Minister kan 'n verhoging van die subsidie magtig vir sodanige goedgekeurde uitgawe in subartikel (1) bedoel. 20
- (3) Die Minister kan by die bepaling of verhoging van 'n goedgekeurde kapitaal-, bedryfs- en instandhoudingsuitgawe gelas dat enige item in of gedeelte van enige sodanige uitgawe nie vir subsidie ingevolge hierdie Wet kwalifiseer nie.
- (4) Die Minister kan by die goedkeuring van uitgawes ingevolge hierdie artikel die voorwaardes rakende die betrokke subsidie-uitgawe stel wat die Minister nodig of wenslik ag. 25
- (5) Geen munisipaliteit mag sonder die Minister se skriftelike goedkeuring die totale subsidiebedrag van uitgawe wat ingevolge hierdie artikel goedgekeur is, oorskry nie, en as hy dit wel doen, kan die Minister die subsidie betaalbaar aan sodanige owerheid verminder met die bedrag wat die Minister as gepas beskou. 30
- (6) Die subsidie betaalbaar aan 'n munisipaliteit ten opsigte van gesubsidieerde paaie of spoorlyne is die bedrag wat die Minister jaarliks bepaal, met inagneming van—
- (a) die begroting van uitgawes wat ingevolge artikel 25 voorgelê is;
- (b) die saamgestelde persentasie verhoging per jaar in die totale inkomste van die munisipaliteit gedurende die tydperk tussen die twee onmiddellik voorafgaande finansiële jare van die munisipaliteit; en 35
- (c) die ander faktore wat die Minister as tersaaklik beskou.

Huurgeld, verkoop en ander inkomste uit grond met subsidiegeld verkry

28. (1) Waar 'n munisipaliteit grond verkry het deur gebruik te maak van subsidiegeld wat deur die Provinsie betaal is, en 'n huur-, verkoop- of ander ooreenkoms aangegaan het rakende enige ongebruikte gedeelte of gebou op sodanige grond, moet hy die netto inkomste uit sodanige huur-, verkoop- of ander ooreenkoms en enige ander inkomste wat hy uit daardie grond verkry, aan die Provinsie betaal in verhouding tot die subsidiebydrae tot die verkryging daarvan, behoudens subartikel (2). 40
- (2) Waar sodanige grond binne 'n deel van 'n munisipale gebied val wat binne— 45
- (a) 'n metropolitaanse vervoergebied is wat ingevolge die Wet op Stedelike Vervoer verklaar is, kan die opbrengs uit sodanige huur-, verkoop- of ander ooreenkoms, met die goedkeuring van die Minister, gestort word in die Gekonsolideerde Metropolitaanse Vervoerfonds wat ingestel is vir die kernstad wat aldus verklaar is, of 50
- (b) 'n vervoergebied is wat ingevolge die NLTTA verklaar is, kan die opbrengs van sodanige huur-, verkoop- of ander ooreenkoms, met die goedkeuring van die Minister, aan daardie vervoerowerheid betaal word.

Gelykgestelde persentasiekoers van subsidie op kapitaalbesteding

29. (1) Elke munisipaliteit moet, voordat hy begin met enige konstruksie ten opsigte waarvan 'n kapitaalsubsidie ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, 'n gedetailleerde begroting van uitgawes aan die Minister voorlê, ingedeel in subsidieerbare en 55

niesubsidieerbare items, en die Minister moet die relatiewe persentasiekoerse van toepassing ten opsigte van sodanige konstruksie gelykstel.

(2) Subsidie op die rente en delgingspaaielemente van enige lening wat met die goedkeuring van die Minister aangegaan is vir die doel van die konstruksie in subartikel (1) beoog, moet betaal word teen die gelykgestelde persentasiekoers aldus beoog. 5

(3) By voltooiing van die konstruksie in subartikel (1) beoog, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n skriftelike staat van die werklike uitgawe, ingedeel in subsidieerbare en niesubsidieerbare items, aangegaan ten opsigte van sodanige konstruksie, aan die Minister voorlê, wat, indien daar afgewyk is van die begroting in subartikel (1) beoog, die gelykgestelde persentasiekoers in daardie subartikel beoog, kan hersien en wysig. 10

Bydraes uit ander bronne

30. Wanneer uitgawes wat vir subsidie kwalifiseer, aan of in verband met 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur aangegaan word en gedeeltelik of in geheel bestry word uit 'n bydrae uit 'n ander bron as die betrokke munisipaliteit of die Provinsie, kwalifiseer net die gedeelte van die uitgawe wat nie aldus bestry is nie, vir subsidie. 15

Betaling van subsidie

31. (1) 'n Subsidie wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, word bereken tot die naaste duisend rand en is jaarliks betaalbaar na verstryking van die finansiële jaar ten opsigte waarvan dit verskuldig is, met voorlegging van 'n eis deur die munisipaliteit in die vorm wat die Minister bepaal. 20

(2) Die Minister kan rentevrye voorskotte op subsidies maak indien die totale bedrag van sodanige voorskotte aan 'n munisipaliteit gedurende enige finansiële jaar nie 90 persent van die geraamde totale bedrag van subsidies betaalbaar aan daardie munisipaliteit vir daardie finansiële jaar te bowe gaan nie, en die nodige aansuiwerings word gedoen met betaling van die eis vir subsidie ingevolge subartikel (1). 25

(3) Die Minister kan die bedrag van subsidies betaalbaar aan die munisipaliteit verminder indien die Minister van oordeel is dat—

- (a) enige werk nie bevredigend gedoen is nie; of 30
- (b) daar nie waarde ontvang is vir geld wat bestee is nie.

Rekords van uitgawes aan paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur

32. Elke munisipaliteit wat 'n subsidie ontvang of aansoek doen vir subsidie van die Provinsie, moet alle boeke, rekords, fakture, rekeninge en ander dokumente rakende enige uitgawe deur hom aangegaan aan of in verband met paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur, te alle tye beskikbaar hê vir insae deur die Minister. 35

Oormatige subsidie

33. (1) Indien die totale werklike uitgawe in enige finansiële jaar deur 'n munisipaliteit aangegaan aan of in verband met gesubsidieerde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur minder is as die goedgekeurde regstreekse uitgawe vir die finansiële jaar, moet die subsidie ten opsigte van sodanige owerheid wat meer is as sodanige bedrae, aan die Provinsie betaal word na aftrekking van die bedrae in subartikel (2) beoog. 40

(2) Die bedrag wat van daardie oormatige bedrag afgetrek moet word, is die som van 'n bedrag gelyk aan die bedrag wat uit ander bronne ontvang is soos in artikel 30 beoog. 45

Subsidie op beplanning en grondverkryging

34. (1) Benewens enige ander subsidie wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, kan die Minister aan 'n munisipale pad- of vervoerowerheid 'n subsidie betaal wat op die voorgeskrewe wyse bereken word—

- (a) op uitgawe deur hom aangegaan vir die beplanning wat ingevolge Deel 3 nodig is om die geskikste roete en reserwe te bepaal vir 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur wat verklaar staan te word; en 50

- (b) op die uitgawe deur hom aangegaan vir die verkryging van grond vir die konstruksie en instandhouding van 'n pad, spoorlyn of ander vervoer-infrastruktuur.

DEEL 6:

OORGANGSBEPALINGS

5

Assessering van bestaande paaie in Provinsie

35. (1) So gou moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Minister gesamentlike assesserings met munisipaliteite in die Provinsie doen om alle paaie wat ingevolge die Ordonnansie verklaar is, te klassifiseer in die kategorieë in artikel 6 uiteengesit. 10

(2) Alle primêre paaie, hoofpaaie, distrikspaaie behoudens subartikel (3), kleinpaaie of openbare voetpaaie wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Ordonnansie verklaar is, word na inwerkingtreding geag 'n pad van dieselfde kategorie ingevolge hierdie Wet te wees en behou die status quo van alle voorwaardes rakende daardie vorige verklaring totdat die lys in artikel 11(1) beoog, opgestel, ooreengekom en gefinaliseer is. 15

(3) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet word alle paaie wat "afdelingspaaie" genoem word en ingevolge die Ordonnansie verklaar is of geag word verklaar te wees, ingevolge hierdie Wet "distrikspaaie" genoem.

(4) Die ooreenkomste wat tussen die partye aangegaan word na assesserings ingevolge subartikel (1), moet gebruik word by die samestelling van die rekords in artikel 11 beoog. 20

(5) Waar die klassifikasie van 'n pad verskil van die voorwaardes waarop die pad oorspronklik ingevolge die Ordonnansie verklaar is, insluitende die breedte van sy reserwe en die boubeperkingsgebiede, is die oorspronklike voorwaardes van toepassing op die pad wat aldus geklassifiseer is, tensy die padowerheid aan wie die pad oorgedra word, anders besluit, in welke geval die gepaste beplanningsproses ingevolge Deel 3 gevolg moet word tot die verklaring ingevolge artikel 18. 25

Oordragooreenkomste vir paaie by ordonnansie verklaar

36. (1) Waar gepas, kan die Provinsie en munisipaliteite onderhandelinge aanknoop om verantwoordelikheid vir die verklaring van paaie her toe te wys, wat ooreenkoms kan behels— 30

- (a) oor die oordrag van regte rakende sodanige paaie;
- (b) oor die finansiële en subsidiereëlings vir sodanige paaie;
- (c) oor die instelling van agentskapsooreenkomste waarvolgens een owerheid verantwoordelikhede aanvaar vir of betreffende paaie onder beheer van 'n ander owerheid, met of sonder betaling; en 35
- (d) oor enige ander aangeleentheid wat die partye as geskik beskou, behoudens hierdie Wet.

(2) Die oordrag van paaie ingevolge subartikel (1) moet by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar word en moet vergesel gaan van 'n kennisgewing in een koerant in elke amptelike taal wat in die gebied sirkuleer. 40

(3) Waar die grond waarop 'n pad wat na 'n ander padowerheid oorgedra word, geleë is, deur die oordraggewer besit word, moet dit na die ander owerheid oorgedra word sonder koste, uitgesonderd die oordragkoste, wat deur die oordragnemer gedra moet word. 45

(4) Enige pad wat oorgedra word deur die verklaring ingevolge subartikel (2), moet ingesluit word by die lys wat ingevolge artikel 10 saamgestel word, met die nodige veranderinge.

Oorgangsbepalings rakende advertensies

50

37. (1) Enige advertensie wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet operig of vertoon is, wat by hierdie Wet verbied word en nie 'n advertensie is waarvoor die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid toestemming kan verleen nie, moet binne 90 dae na sodanige inwerkingtreding verwyder word.

(2) Behoudens subartikel (3) is artikel 41(2) nie van toepassing nie op 'n advertensie wat vertoon word ingevolge 'n magtiging wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens 'n wet verleen is, solank die advertensie vertoon word ooreenkomstig die vereistes wat ingevolge daardie magtiging van toepassing is of onmiddellik voor sodanige datum van toepassing was. 5

(3) 'n Bestaande ooreenkoms of 'n ooreenkoms wat aangegaan staan te word tussen 'n eiendomseienaar en enige ander persoon ingevolge waarvan daardie persoon toegelaat word om reklame op die onderhawige eiendom te vertoon wat geleë is op of sigbaar is vanaf 'n verklaarde pad, moet 'n vervaldatum hê wat nie langer as 'n tydperk van drie jaar is nie. 10

(4) Waar 'n advertensie by die inwerkingtreding van hierdie Wet opgerig of vertoon is wat ingevolge hierdie Wet nie sonder die toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of enige ander owerheid aldus opgerig of vertoon mag word nie, moet die eienaar van die advertensie of die persoon wat dit vertoon of toelaat dat dit vertoon word, of die eienaar van die grond waarop die advertensie vertoon word, binne 90 dae na sodanige inwerkingtreding by die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid aansoek doen vir sodanige toestemming, by versuim waarvan die advertensie onverwyld verwyder moet word. 15

(5) Indien toestemming vir 'n advertensie in subartikel (3) beoog geweier is, moet die advertensie verwyder word binne 30 dae na ontvangs van 'n kennisgewing van sodanige weiering, en waar so 'n kennisgewing per geregistreerde pos gepos is, word die gedreerde geag dit te ontvang het agt dae nadat dit gepos is. 20

Ander oorgangsbepalings

38. (1) Proklamasies, kennisgewings, sertifikate, regulasies en verordeninge wat uitgereik is, en enige lasgewing, goedkeuring, instemming, toestemming of magtiging gegee en enige aanstelling gedoen of enige ander handeling verrig of ding gedoen ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep of uitgesluit is, bly van krag en word geag ingevolge hierdie Wet uitgereik, gegee, gedoen, verrig of gedoen te wees, tensy dit onbestaanbaar is met die bepalinge van hierdie Wet. 25

(2) 'n Onteining wat begin is of verrigtinge vir die bepaling van vergoeding wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n padowerheid ingestel is ingevolge 'n wet wat by hierdie Wet herroep is, word ingevolge die bepalinge van die herroepe wet afgehandel asof hierdie Wet nie aangeneem is nie, met dien verstande dat die partye kan ooreenkom om ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Wet met sodanige onteining of verrigtinge voort te gaan. 35

DEEL 7:

ONTEIENING EN VERGOEDING

Verkryging, onteining van eiendom, reg om grond tydelik te gebruik en om materiaal te ontgin en te verwyder

39. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan— 40

(a) eiendom, uitgesonderd eiendom wat deur 'n munisipaliteit, provinsie, nasionale regering of openbare entiteit besit word, onteien vir—

(i) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of vir werke of doeleindes wat daarmee in verband staan; en

(ii) die verkryging, ontginning of behandeling van gruis, klip, sand, klei, water of enige ander materiaal of stof; 45

(iii) die akkommodasie van personeel betrokke by die bou van vervoerinfrastruktuur, en

(iv) die opberging of instandhouding van voertuie, masjiene, toerusting, gereedskap, voorrade of materiaal; 50

(b) die reg neem om eiendom, uitgesonderd eiendom wat deur 'n munisipaliteit, provinsie, nasionale regering of openbare entiteit besit word, tydelik te gebruik; en

(c) materiaal, insluitende water, uitgesonderd water wat kunsmatig gepomp is vir veesuiping, ontgin en verwyder. 55

(2) Die prosedures en vereistes van die Onteieningswet, met die nodige veranderinge, is van toepassing op handelinge ingevolge subartikel (1).

- (3) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet, waar gepas, vergoeding betaal ingevolge artikel 25 van die Grondwet en die Onteieningswet vir enige handeling ingevolge hierdie artikel of soos voorgeskryf.
- (4) Waar daar 'n botsing is tussen die Onteieningswet en hierdie Wet, is hierdie Wet deurslaggewend. 5
- (5) Die Provinsie kan materiaal ontgin en verwyder, behoudens die WNOB en goedkeuring deur die Departement van Minerale en Energie waar nodig—
- (a) op grond wat deur 'n munisipaliteit besit word, slegs by ooreenkoms met daardie munisipaliteit; en
 - (b) op grond wat deur die nasionale sfeer van regering besit word, slegs by ooreenkoms met die betrokke nasionale departement; 10
 - (c) op grond wat deur 'n openbare entiteit besit word, slegs by ooreenkoms met sodanige entiteit.
- (6) 'n Munisipaliteit kan materiaal ontgin en verwyder, behoudens die WNOB en goedkeuring deur die Departement van Minerale en Energie waar nodig— 15
- (a) op grond wat deur 'n ander munisipaliteit besit word, slegs by ooreenkoms met daardie munisipaliteit;
 - (b) op grond wat deur die Provinsie besit word, slegs by ooreenkoms met die Minister;
 - (c) op grond wat deur die nasionale sfeer van regering besit word, slegs by ooreenkoms met die betrokke nasionale departement; en 20
 - (d) op grond wat deur 'n openbare entiteit besit word, slegs by ooreenkoms met sodanige entiteit.
- (7) Waar 'n stuk grond onteien word en die eienaar die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid oortuig dat die res van die grond vir die eienaar nutteloos geword het as gevolg van die onteiening, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid sodanige restant onteien. 25
- (8) Waar 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n toegang tot of uitgang uit grond permanent gesluit het en die eienaar van die grond dit nie voordelig kan gebruik nie as 'n regstreekse gevolg van sodanige sluiting of die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid nie toegang tot sodanige grond kan verskaf nie, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die grond onteien. 30
- (9) Waar grond of 'n gedeelte daarvan nadelig geraak word deur die onteiening van ander grond deur 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, kan laasgenoemde ook die grond of gedeelte wat aldus nadelig geraak word, onteien. 35
- (10) Hierdie artikel verhinder nie dat 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid eiendom vir doeleindes van hierdie Wet verkry deur aankoop of deur enige ander metode as onteiening nie.

Betreding en besitneming van eiendom

- 40.** (1) Waar 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid eiendom of die tydelike gebruik daarvan of enige materiaal daarop nodig vir 'n doel in subartikel (2) bedoel, kan die owerheid of enige persoon wat skriftelik deur sodanige owerheid gemagtig is, na redelike kennis van ten minste 48 uur aan die eienaar of okkupeerder van die eiendom of materiaal en met die instemming van sodanige eienaar of okkupeerder—
- (a) die grond betree met die nodige werkers, toerusting en voertuie; 45
 - (b) die oppervlakte en vlakke van die grond opmeet en bepaal;
 - (c) op of in die grond grawe of boor;
 - (d) waterwerke in enige rivier of stroom bou en in stand hou; of
 - (e) die grense van die eiendom of materiaal afbaken.
- (2) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan kragtens subartikel (1) optree—
- (a) om die waarde van die betrokke eiendom of materiaal te bepaal;
 - (b) om 'n inspeksie, navraag, ondersoek of opname te doen in verband met die uitoefening of verrigting van die bevoegdhede, pligte en funksies ingevolge hierdie Wet verleen of opgedra; 55
 - (c) om enige struktuur, apparaat, toestel, installasie of enige ander ding wat ingevolge hierdie Wet deur of namens die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid op sodanige grond gebou, opgerig of geplaas is, te inspekteer, in stand te hou en te herstel;
 - (d) om hom in staat te stel om enige van sy ander funksies ingevolge hierdie Wet te verrig. 60

(3) Waar 'n eienaar of okkupeerder toestemming weier vir 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of persoon deur sodanige owerheid gemagtig om ingevolge subartikel (1) op te tree—

(a) moet die eienaar of okkupeerder redes verstrek waarom daar goeie rede is vir die weiering om toegang te verleen; en 5

(b) indien redes wat ingevolge paragraaf (a) verstrek is, nie vir die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid aanvaarbaar is nie,

kan die owerheid by die gepaste hof met jurisdiksie aansoek doen vir 'n bevel wat sodanige optrede magtig, maar 'n hofbevel is nie nodig nie waar sodanige optrede dringend nodig is om dood of beserings van persone of wesenlike skade aan eiendom te voorkom. 10

(4) Sodanige hof moet die bevel gee en die eienaar of okkupeerder gelas om die koste van die aansoek te betaal as hy oortuig is dat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid redelikerwys opgetree het vir die doeleindes van hierdie Wet.

(5) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan oor grond beweeg om toegang tot ander grond te kry vir die doeleindes in subartikel (1) beoog, met die nodige werkers, toerusting en voertuie, met die instemming van die eienaar of okkupeerder van eersgenoemde grond, en indien sodanige instemming geweier word, is subartikels (3) en (4) met die nodige veranderinge van toepassing. 15

(6) Waar toegang verkry word tot grond wat omhein is, moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n hek in sodanige heining oprig wat beman moet word, en wanneer dit onbeman is, moet dit van 'n slot voorsien wees, en die hek moet behoorlik gesluit gehou word. 20

(7) Indien enige persoon skade gely het as gevolg van die uitoefening van 'n bevoegdheid wat by hierdie artikel verleen is, is die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid aanspreeklik om die skade op sy koste te herstel of om skadevergoeding of vergoeding ten opsigte daarvan, wat bereken word en betaalbaar is in gevolge die Onteieningswet, aan daardie persoon te betaal. 25

DEEL 8:

BESTUUR EN BEHEER VAN REKLAME, TOEGANG EN DIE OMGEWING 30

Verbod op sekere reklame op of sigbaar vanaf verklaarde paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur

41. (1) Behoudens subartikel (2) mag niemand 'n advertensie vertoon of laat vertoon of toelaat dat dit vertoon word deur middel van 'n vaste struktuur of 'n mobiele voertuig toegerus vir die spesifieke doel van advertensie, uitgesonderd met die vooraf skriftelike toestemming van en ooreenkomstig artikel 42(1) en goedgekeur deur die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid— 35

(a) in die reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur;

(b) wat sigbaar is vanaf 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur buite 'n stedelike gebied; 40

(c) wat binne 50 meter van die grens van die reserwe van die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, uitgesonderd 'n deurpad in 'n stedelike gebied, is en sigbaar is vanaf die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur; 45

(d) wat binne 250 meter is van die grens van die reserwe van 'n verklaarde pad wat 'n deurpad in 'n stedelike gebied is en vanaf die deurpad sigbaar is.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op die vertoon van 'n advertensie wat voldoen aan die voorgeskrewe vereistes (as daar is) betreffende die aard, inhoud of grootte van so 'n advertensie of die tyd, wyse of plek van die vertoon daarvan, waar die vertoon daarvan gemagtig is by of ingevolge die betrokke regulasies, of die advertensie— 50

(a) wettig vertoon word op 'n plek onmiddellik voordat die onderhawige pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verklaar is, vir so lank as dit deurlopend op dieselfde plek vertoon word, tensy die verwydering daarvan ingevolge artikel 43 gelas is en die tydperk waarbinne dit verwyder moet word, verstryk het; of 55

(b) ingevolge 'n wet vertoon moet word en streng ingevolge daardie wet vertoon word.

(3) 'n Munisipaliteit kan verordeninge uitvaardig wat die vertoning van advertensies op of sigbaar van verklaarde munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in sy regsgebied verder reguleer, wat enige van die bepalings van hierdie artikel en artikels 42 tot 44 kan vervang of wysig ten opsigte van sodanige munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur, met dien verstande dat hierdie verordeninge die vereistes van artikels 42 tot 44 as 'n minimum insluit. 5

Toestemming om advertensies op of sigbaar vanaf verklaarde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur te vertoon

42. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig om die vertoning van advertensies te reguleer wat ingevolge artikel 41 toegelaat word, wat voorsiening maak vir— 10

- (a) die kategorieë advertensies wat net met die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid opgerig of vertoon mag word op die basis van kriteria in die regulasies uiteengesit;
- (b) prosedures wat gevolg moet word wanneer vir sodanige toestemming aansoek gedoen word; en 15
- (c) enige ander aangeleentheid wat sulke advertensies reguleer.

(2) Sonder om die wye omvang van subartikel (1) in te kort, kan regulasies wat ingevolge subartikel (1) uitgevaardig word, voorsiening maak vir—

- (a) die klassifikasie van paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur in kategorieë op die basis van hulle natuurtooneel-, omgewingskundige of argitektoniese belang, of op ander soortgelyke gronde, met die doel om te onderskei tussen die tipes advertensies wat in elke kategorie toegelaat word; 20
- (b) die klassifikasie van advertensies in kategorieë met die doel om die vertoning of oprigting daarvan te reguleer en te beheer;
- (c) behoudens subartikel (3), gelde wat betaalbaar is by aansoek vir sodanige toestemming of vir die verlening van sodanige toestemming; 25
- (d) metodes van vertoning en verligting;
- (e) die veiligheid, aanvaarbaarheid en ordentlikheid van advertensies; en
- (f) die ontwerp en konstruksie van advertensies en hulle steunstrukture, posisie, instandhouding en toekomstige verwydering. 30

(3) Aansoekgelde vir advertensies op of aanliggend aan vervoerinfrastruktuur betaalbaar ingevolge subartikel (2)(c) moet betaal word aan—

- (a) die Provinsie in die geval van vervoerinfrastruktuur waarvoor die Provinsie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is; of
- (b) die munisipaliteit in die geval van vervoerinfrastruktuur waarvoor die munisipaliteit die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is. 35

(4) Voor die installering of enige wysiging van 'n padteken of padtekenvoorkant deur enige persoon moet daar aansoek gedoen word vir toestemming en moet skriftelike goedkeuring verleen word deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, behoudens— 40

- (a) 'n assessering deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid van die implikasies van die teken vir die veiligheid van verkeers- en vervoerbedryf, volgens die beginsels en metodologie wat in gepubliseerde riglyne vervat is;
- (b) dat 'n aansoek vereis word elke keer wanneer 'n padtekenvoorkant verander word; en 45
- (c) dat 'n beregtingsproses deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gevolg word betreffende die uitvaardiging van regulasies.

Afdwinging en verwydering van ongemagtigde advertensies 50

43. (1) Advertensies wat opgerig is sonder dat dit deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid goedgekeur is, kan deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verwyder word.

(2) Enigiemand wat 'n advertensie strydig met die bepalings van hierdie Wet vertoon of toelaat dat dit aldus vertoon word, of die eienaar van die grond waarop die advertensie vertoon word en wat by skriftelike kennisgewing deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gelas is om dit te verwyder, moet dit doen binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, wat nie korter as 14 dae mag wees nie. 55

(3) Indien die persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) gerig is, versuim om die advertensie wat in die kennisgewing genoem word, te verwyder binne die tydperk daarin vermeld, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die betrokke eiendom sonder die eienaar of okkupeerder se toestemming betree en dit verwyder sonder dat 'n bevel van 'n bevoegde hof verkry hoef te word, ondanks die ander bepalings van hierdie Wet, en die koste van die verwydering van daardie persoon verhaal. 5

(4) Ondanks subartikel (2), waar 'n advertensie strydig met hierdie artikel vertoon word en 'n onmiddellike of dringende veiligheidsgevaar skep of waarskynlik sal skep, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid ingevolge subartikel (3) in openbare belang of vir die openbare veiligheid sonder kennisgewing aan enige persoon optree om die advertensie te verwyder. 10

(5) 'n Persoon wat subartikel (1) oortree of versuim om 'n advertensie te verwyder wanneer hy of sy ingevolge subartikel (2) gelas word om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig. 15

Vermoedens rakende advertensies

44. Vir die doeleindes van hierdie Wet, tensy die teendeel bewys word—

- (a) word 'n advertensie geag vertoon te word—
 - (i) deur die persoon wat dit opgerig het of dit andersins laat verskyn het;
 - (ii) in die geval van 'n advertensie rakende 'n produk of artikel wat deur 'n bepaalde persoon geproduseer of vervaardig word, of rakende 'n diens wat deur 'n bepaalde persoon gelewer word, of rakende 'n besigheid, onderneming of plek wat deur 'n bepaalde persoon besit word, deur daardie persoon;
- (b) behoudens artikel 37(2), word advertensies geag vertoon te word na die inwerkingtreding van hierdie Wet; en 25
- (c) word 'n persoon wat grond besit of okkupeer waarop 'n advertensie vertoon word en die vervaardiger van 'n artikel of die eienaar van 'n besigheid of onderneming waarop so 'n advertensie betrekking het en 'n agent van so 'n vervaardiger of eienaar, geag daardie advertensie te vertoon het of die vertoning daarvan toegelaat het. 30

Toegang tot en uitgang uit pad, spoor en ander vervoerinfrastruktuur

45. (1) Behoudens subartikels (2) en (3), wanneer toegang tot of uitgang uit 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur na of van 'n aanliggende eiendom versper word deur 'n wettig opgerigte heining, muur, heg, sloot, voor of soortgelyke hindernis langs of naby die kant daarvan, mag niemand toegang tot of uitgang uit enige grond deur, onder of oor daardie heining, muur, heg, sloot, voor of ander hindernis deur middel van 'n toegangspad, hek, brug of ander oorgang verkry nie, tensy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die konstruksie van die toegangspad, hek, brug of ander oorgang skriftelik gemagtig het. 35 40

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n wettig opgerigte toegangspad, hek, brug of ander oorgang wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het en gebruik is en wat nie te eniger tyd daarna gesluit of verwyder is nie.

(3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid mag nie 'n magtiging in subartikel (1) bedoel, weerhou nie vir 'n hek, brug of ander oorgang wat nodig is om toegang tot of uitgang uit 'n stuk grond te verleen waartoe of waaruit daar geen ander redelike toegang of uitgang beskikbaar is nie of indien— 45

- (a) 'n landmeter die stuk grond opgemeet het en 'n diagram daarvan by die Landmeter-generaal ingedien het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor die datum van oprigting van die heining, muur, heg, sloot, voor of ander hindernis; en 50

- (b) voor daardie datum, 'n ander persoon as die eienaar van enige grond waarvan eersgenoemde stuk grond 'n deel uitgemaak het op die tyd toe genoemde opmeting gedoen is, die eienaarskap van daardie stuk grond verkry het of 'n verkoopsooreenkoms gesluit het om dit te verkry of dit gehuur het ingevolge 'n geregistreerde huurkontrak vir 'n tydperk van ten minste tien jaar, 55

tensy sodanige hek, brug of ander oorgang na die mening van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid onveilig is of onbestaanbaar is met die standaard vir toegang tot die vervoerinfrastruktuur waarvan toegang of uitgang verkry word.

- (4) By die oorweging van 'n aansoek vir toegang ingevolge subartikel (1) moet die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid ag slaan op die vereistes van—
- (a) 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of verkeersaarbestuursplan wat die voorwaardes aandui waarop so 'n toegang goedgekeur kan word; of
 - (b) by gebrek aan 'n plan in paragraaf (a) bedoel, riglyne oor die verlening van toegang op paaie wat deur die Provinsie of deur 'n munisipaliteit opgestel is en vir die Provinsie aanvaarbaar is. 5
- (5) By die verlening van die magtiging in subartikel (1) bedoel, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die aard voorskryf van die toegangspad, hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang en die plek waar en wyse waarop dit gebou moet word, en kan hy ander voorwaardes stel in verband daarmee of met die gebruik daarvan wat hy nodig ag, en kan hy die magtiging intrek indien enige vereiste of voorwaarde wat in die magtiging voorgeskryf of gestel word, nie nagekom word nie. 10
- (6) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet, by die verlening van toegang aan voetgangers of fietsryers van 'n aanliggende eiendom tot 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, verseker dat sulke voetgangers of fietsryers van veilige roetes en kruisings voorsien word. 15

Opdrag om toegang te verskuif

46. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan by skriftelike lasgewing die eienaar van 'n eiendom of die eienaar van eiendomme wat toegang verkry tot 'n verklaarde pad of via 'n toegangspad deur hulle betrokke eiendom of eiendomme en wat 'n toegang of uitgang van 'n verklaarde pad of spoorlyn het waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, gelas om sodanige toegang of uitgang te verskuif, te beperk of te sluit, op die wyse of in die mate en vir die tydperk in die kennisgewing vermeld, of permanent. 25
- (2) (a) Waar die verskuiwing of sluiting van 'n toegang of uitgang ingevolge subartikel (1) die herbelyning en konstruksie van 'n nuwe toegangspad deur die eiendom of eiendomme en die verandering, herplasing, heroprigting of rekonstruksie noodsaak van 'n hek, private motorhuis of ander struktuur waarvoor die eienaar of eienaars vorige toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid het, moet daardie owerheid, behoudens paragraaf (b), die werk wat aldus genoodsaak word, op sy eie koste uitvoer of die eienaar of eienaars toelaat om die werk op die koste van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid uit te voer. 30
- (b) Die aanspreeklikheid van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid ingevolge paragraaf (a) is beperk tot die koste van die rekonstruksie van 'n toegangspad op die nuwe belyning ter vervanging van die toegangspad wat aldus geraak is, en die vervanging van hekke, motorhuise en ander infrastruktuur van 'n standaard soortgelyk aan dié wat verander, herplaas, heropgerig of herbou moet word. 35
- (3) Waar die eienaar van 'n eiendom of die eienaars van eiendomme wat toegang tot 'n verklaarde pad verkry, aansoek doen vir en toestemming verleen word deur die padowerheid om sodanige toegang te verskuif, rus daar geen aanspreeklikheid op die padowerheid om tot die koste van die werke by te dra nie. 40
- (4) 'n Persoon wat 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur binnegaan of verlaat, of 'n hek, brug, oorklimtrap of ander oorgang bou of oprig strydig met hierdie artikel, is aan 'n misdryf skuldig. 45

Voertuie in onbruik, vullis, ens op of naby paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur

47. (1) Niemand mag—
- (a) 'n verouderde voertuig of masjien in onbruik of 'n verouderde onderdeel daarvan in onbruik of enige vullis op die reserwe van 'n verklaarde pad of spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur plaas of laat nie; 50
 - (b) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of strydig met 'n voorwaarde gestel deur sodanige owerheid en daarin uiteengesit, 'n verouderde voertuig, masjien of onderdeel daarvan in onbruik of enige vullis binne 200 meter van die middellyn van 'n verklaarde pad of spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur plaas of laat sodat dit daarvandaan sigbaar is nie. 55
- (2) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n verouderde voertuig of masjien in onbruik of 'n onderdeel daarvan in onbruik of vullis wat op die reserwe van

'n pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur aangetref word, verwyder en kan die koste van die verwydering verhaal van die persoon wat dit daar geplaas of gelaat het.

(3) Indien, op grond in subartikel (1)(b) bedoel, 'n verouderde voertuig of masjien in onbruik of 'n verouderde onderdeel daarvan in onbruik of vullis aangetref word wat sigbaar is vanaf die reserwe van 'n pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en binne 200 meter van die middellyn daarvan, en die persoon wat dit daar geplaas of gelaat het of 'n persoon wat daarop geregtig is om dit te verwyder, by skriftelike kennisgewing deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gelas is om dit van die grond af te verwyder of om die nodige stappe te doen om dit nie meer sigbaar te maak nie—

- (a) moet sodanige persoon dit van die land af verwyder of daardie nodige stappe doen binne die tydperk in die kennisgewing vermeld (wat nie minder as 14 dae na die datum van die kennisgewing mag wees nie);
- (b) kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid dit van daardie grond af verwyder of enige stappe doen wat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid nodig ag om dit onsigbaar te maak vanaf die pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur, en kan daardie owerheid die koste van die verwydering of van daardie stappe verhaal van die persoon wat ingevolge paragraaf (a) onder 'n plig was om dit te verwyder of om die nodige stappe te doen maar versuim het om dit te doen.

Strukture en ander werke op, oor of onder reserwes van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur

48. (1) Ondanks enige ander wet, maar behoudens subartikel (4), mag niemand, behalwe met die vooraf skriftelike toestemming van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies goedgekeur deur, die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n aktiwiteit in subartikel (2) genoem, verrig nie—

- (a) op 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur of binne die reserwe van so 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur; of
- (b) in 'n boubeperkingsgebied.

(2) Die aktiwiteite in subartikel (1) beoog, is die volgende:

- (a) 'n Struktuur of ander ding wat vas is aan die grond waarop dit staan, al maak dit nie deel van daardie grond uit nie, oprig of installeer of veroorsaak of toelaat dat dit opgerig of geïnstalleer word op grond wat besit word deur of onder die bestuur of beheer van sodanige persoon is;
- (b) enigiets onder of onderdeur die oppervlak van grond of wat oor die grond uitsteek, oprig of lê of toelaat dat dit opgerig of gelê word;
- (c) enige strukturele byvoeging of verandering aan enige sodanige struktuur of ding maak of toelaat dat dit gemaak word.

(3) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op—

- (a) die voltooiing van 'n struktuur waarvan die oprigting begin het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor die betrokke pad of spoorlyn 'n boubeperkingsgebiedpad of -spoorlyn geword het;
- (b) 'n heining, omheining, muur of heg wat nie hoër as 1,6 meter bo die aanliggende oppervlak van die grond is waarop dit staan nie.

(4) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan na goëddunke toestemming ingevolge subartikel (1) verleen of weier en kan, waar hy sodanige toestemming verleen—

- (a) die spesifikasies stel waaraan die struktuur, voorwerp, verandering of byvoeging moet voldoen;
- (b) die wyse en omstandighede en die plek bepaal waar en die voorwaardes waarop die struktuur, voorwerp, verandering of byvoeging opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê mag word;
- (c) die verpligtinge bepaal wat deur die eienaar van die betrokke grond of deur ander persone nagekom moet word indien die struktuur, voorwerp, verandering of byvoeging opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is; en
- (d) 'n plig stel om die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid te vergoed vir koste aangegaan in sy aktiwiteite ingevolge paragrafe (a) tot (c), voor die begin van enige werk.

(5) (a) Indien 'n verpligting om 'n struktuur of voorwerp te verwyder vereis word deur 'n voorwaarde wat ingevolge subartikel (4)(b) gestel is, kan die Registrateur van Aktes met jurisdiksie vir die betrokke gebied op die skriftelike versoek van die pad- of

openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die verpligting op die titelakte van die grond wat daardeur geraak word en in die gepaste registers aanteken.

(b) Die koste in verband met daardie aantekening moet betaal word deur die persoon aan wie die toestemming verleen is.

(c) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan voldoening afdwing aan 'n verpligting wat aldus aangeteken is. 5

(6) (a) Waar 'n struktuur of voorwerp opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is sonder die toestemming wat by subartikel (1) vereis word of strydig met sodanige toestemming, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid daardie persoon by skriftelike kennisgewing gelas om die ongemagtigde struktuur, voorwerp, verandering of byvoeging te verwyder binne 'n redelike tyd wat in die kennisgewing vermeld word maar wat nie korter as 30 dae na die datum van die kennisgewing mag wees nie. 10

(b) Indien die persoon aan wie 'n kennisgewing uitgereik is, versuim om aan die kennisgewing te voldoen binne die tydperk daarin vermeld, kan sodanige owerheid die struktuur verwyder en die koste van die verwydering van daardie persoon verhaal. 15

(7) (a) Ondanks die bepalings van ander wette kan 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n struktuur of voorwerp in subartikel (1) beoog wat geïnstalleer, gebou of gelê is voor die datum waarop die betrokke pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verklaar is, verwyder of verskuif na 'n plek wat hy bepaal.

(b) Waar 'n persoon ingevolge 'n wet verantwoordelik is om 'n struktuur of voorwerp wat aldus opgerig, geïnstalleer, gebou of gelê is, te verwyder of te verskuif, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die koste van die verwydering of verskuiwing van daardie persoon verhaal. 20

(8) Enigiemand wat subartikel (1) oortree of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (6), is aan 'n misdryf skuldig. 25

Beperkings op veranderinge in grondgebruik

49. (1) Enige persoon wat van voorneme is om 'n ontwikkeling te onderneem wat 'n verandering of intensivering van grondgebruik behels—

(a) op 'n gedeelte of gedeeltes van grond binne die gebiede aanliggend aan bestaande vervoerinfrastruktuur in paragrawe (a) en (b) van subartikel (2) bedoel; of 30

(b) op 'n gedeelte of gedeeltes van grond binne die gebiede aanliggend aan toekomstige infrastruktuur in artikel 17(1)(c) bedoel,

moet, waar 'n verkeersinvloedbepaling of 'n openbarevervoerbepaling wat ingevolge die NLTTA voorgeskryf word, vereis word— 35

(i) die aanvaarding van die voorgestelde ontwikkeling deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verantwoordelik vir die vervoerinfrastruktuur wat aldus geraak word, verkry;

(ii) enige versagtingsmaatreëls implementeer wat by die verlening van daardie aanvaarding deur die pad- of openbare vervoerowerheid vereis word; en 40

(iii) die goedkeuring verkry van die owerheid wat by magte is om goedkeuring vir sodanige veranderinge of intensivering te verleen.

(2) 'n Landmeter-generaal mag nie 'n algemene plan of diagram van erwe, standplase, persele of hoewes wat saam 'n dorp uitmaak (hetsy saamgevoeg met of sonder deurgange en oop ruimtes wat openbare plekke is of bedoel is om te wees) of enige ander onderverdeling goedkeur nie indien enige deel van enige sodanige erf, standplaas, perseel of hoeve binne— 45

(a) 100 meter van die naaste reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur buite 'n stedelike gebied val; of

(b) 50 meter van die naaste reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur binne 'n stedelike gebied val, 50

tensy die algemene plan of diagram wesenlik ooreenstem met 'n plan of skets van die voorgestelde uitleg van die dorp of groep, wat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid skriftelik goedgekeur het.

(3) Subartikel (2) is ook, met die nodige veranderinge, van toepassing op 'n diagram van 'n stuk grond aangrensend aan 'n dorp of groep erwe, standplase, persele of hoewes indien enige deel van daardie stuk grond binne 100 meter is van die reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur. 55

(4) So 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan weier om ingevolge subartikel (1) goedkeuring te verleen slegs as hy oortuig is dat die onderhawige verdeling 'n doelwit van hierdie Wet kan verydel. 60

- (5) (a) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan die goedkeuring ingevolge subartikel (1) verleen behoudens voorwaardes—
- (i) wat die verdeling of verdere verdeling van die grond of van 'n bepaalde deel daarvan verbied;
 - (ii) wat die gebruik beperk waarvoor die grond of 'n bepaalde deel daarvan aangewend mag word; 5
 - (iii) wat die getal of omvang beperk van geboue of ander strukture wat op die grond of 'n bepaalde deel daarvan opgerig mag word;
 - (iv) wat die oprigting, konstruksie of vestiging belet van 'n struktuur of voorwerp op, oor of onder die oppervlak van die grond, of op, oor of onder die oppervlak van 'n bepaalde deel daarvan of binne 'n bepaalde afstand van die onderhawige pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur. 10
- (b) By die verlening van sodanige goedkeuring kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid bepaal dat indien die grond of 'n bepaalde deel daarvan met ander grond gekonsolideer word, die titel op die gekonsolideerde grond onderhewig sal wees aan 'n voorwaarde wat kragtens paragraaf (a) gestel is. 15
- (6) 'n Voorwaarde in subartikel (5) bedoel, kan verwyder word ten einde voldoening daaraan of 'n afwyking daarvan toe te laat met die goedkeuring van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 20
- (7) (a) Ondanks andersluidende bepalings in die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937)—
- (i) moet die persoon wat oordrag gee van grond waarop voorwaardes in subartikel (5) bedoel van toepassing is, dit in die transportakte invoeg;
 - (ii) moet die Registrateur van Aktes op die titelakte van die grond wat behou word deur die persoon wat oordrag gee, elk van daardie voorwaardes endosseer wat van toepassing is op die grond wat aldus behou word; 25
 - (ii) moet 'n sertifikaat van gekonsolideerde titel uitgereik ten opsigte van gekonsolideerde grond in subartikel (5)(b) bedoel, elke voorwaarde bevat waaraan die titel op daardie grond onderhewig is ingevolge 'n bepaling ingevolge daardie subartikel. 30
- (b) Die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan nakoming van enige sodanige voorwaarde afdwing.
- (8) (a) Ondanks andersluidende bepalings in die Registrasie van Aktes Wet, 1937, of ander wette kan 'n Registrateur van Aktes, met die padowerheid se skriftelike goedkeuring, 'n voorwaarde kanselleer wat ingevolge subartikel (7) in 'n transportakte of sertifikaat van gekonsolideerde titel ingevoeg is of op 'n titelakte geëndosseer is. 35
- (b) Die kansellasië kan gedoen word op die skriftelike aansoek van die eienaar van die betrokke grond, vergesel van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid se skriftelike goedkeuring en bewys dat alle verbandhouders van die voorgestelde kansellasië in kennis gestel is. 40

Afstandaanwysers, padwysers en waarskuwings op verklaarde paaie

50. Behoudens die Nasionale Padverkeerswet moet elke padowerheid—

- (a) rigtingaanwysers oprig en in stand hou by die aansluiting van elke pad waarvan hy die padowerheid is, met enige ander pad;
- (b) op paaie waarvan hy die padowerheid is, die afstandaanwysers, padwysers, aanwysings en waarskuwings oprig en in stand hou wat nodig of wenslik is vir die veiligheid of leiding van die publiek. 45

Visuele obstruksies

- 51.** (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan by skriftelike bevel van die eienaar of okkupeerder van enige grond vereis om die hoogte of breedte van enige boom, bos, plantegroei, muur, heg, heining of enige ander visuele obstruksie op enige plek of in enige omstandighede van 'n verklaarde pad of spoorlyn, waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, met enige ander pad of spoorlyn wat die sig van 'n bestuurder of enige ander pad- of openbarevervoergebruiker tot 'n onveilige toestand kan belemmer, te verminder— 50
- (a) tot 'n hoogte of breedte in die bevel vermeld; of
 - (b) tot 'n lengte in die bevel vermeld. 55

(2) Waar die eenaar of okkupeerder versuim om te voldoen aan 'n bevel in subartikel (1) bedoel binne die tyd in die bevel vermeld, tot tevredenheid van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, kan laasgenoemde sodanige grond betree en die nodige werk doen, en kan hy die koste daarvan van die eenaar of okkupeerder verhaal.

Heinings langs of binne die grense van verklaarde paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur 5

52. (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n heining oprig—

- (a) langs die grens van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is; 10
- (b) rondom grond van waar materiaal ontgin en verwyder is of word; of
- (c) rondom watervoorsiening wat ingevolge hierdie Wet deur sodanige owerheid verskaf of gebruik word.

(2) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet ten minste 60 persent bydra van die redelike koste aangegaan deur enige ander persoon by die oprigting van 'n heining langs die grens van die verklaarde reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is— 15

- (a) as gevolg van die uitreiking van 'n kennisgewing ingevolge artikel 53 wat die oprigting van 'n hek verbied; of
- (b) as gevolg van die verwydering met die goedkeuring van die pad- of openbare vervoerowerheid van een of meer hekke van sodanige pad of ander vervoerinfrastruktuur ingevolge daardie artikel, 20

indien die heining gebou word volgens standarde en spesifikasies wat deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid goedgekeur is.

(3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan bydra tot die koste aangegaan deur enige ander persoon by die oprigting van 'n heining langs die grens van die verklaarde reserwe van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, in gevalle wat nie in subartikel (2) beoog word nie, indien die heining gebou word volgens standarde en spesifikasies wat deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid goedgekeur is. 25 30

(4) Enige bykomende koste aangegaan by die oprigting van wildheining volgens spesifikasies benewens dié wat deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vereis word, is betaalbaar deur die eenaar of gebruiker van sodanige eiendom wat die wildheining verlang, tensy anders ooreengekom deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 35

(5) Niemand anders as die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid mag 'n heining op of binne die grense van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur oprig nie, behalwe met die vooraf skriftelike toestemming van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies bepaal deur, sodanige owerheid, en geen persoon mag so 'n heining verwyder sonder toestemming wat aldus verleen is nie. 40

(6) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid mag nie toestemming vir die verwydering van 'n heining in subartikel (5) beoog verleen nie tensy—

- (a) die toestand van die heining die vervanging daarvan vereis; of
- (b) die eenaar van die grond waarop dit geleë is, skriftelik onderneem om die koste te dra van die verwydering en heroprigting van die heining ooreenkomstig standarde en spesifikasies deur sodanige owerheid bepaal. 45

(7) Alle heinings wat voor die inwerkingtreeding van hierdie Wet wettig opgerig is en bestaan op of binne die grense van verklaarde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur, word geag behoorlik opgerig te wees met die toestemming van die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 50

(8) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n geagte toestemming ingevolge subartikel (7) te eniger tyd intrek, in welke geval die owerheid die heining moet verwyder en op die grens van die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur heroprig op sy eie koste. 55

(9) Die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid moet—

- (a) enige heining wat in stryd met hierdie artikel opgerig is, verwyder en dit heroprig op die grens van die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur; en

(b) enige heining wat in stryd met hierdie artikel verwyder is, heroprig op die grens van die betrokke verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur.

(10) Waar 'n verklaarde pad of spoorlyn verskuif word, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, indien hy bygedra het tot die koste van 'n heining langs daardie pad of spoorlyn, sodanige heining verskuif na die nuwe ligging van die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur. 5

(11) Behoudens die Omheiningswet, 1963 (Wet No. 31 van 1963), is die eienaar van grond grensend aan die grens van 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur verantwoordelik om enige heining wat wettig op of binne sodanige grens opgerig is, in stand te hou of te vervang. 10

(12) 'n Persoon wat hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

Hekke oor verklaarde paaie

53. (1) Niemand mag 'n hek oor 'n verklaarde pad oprig nie, behalwe met die vooraf skriftelike goedkeuring van, en ooreenkomstig standarde en spesifikasies goedgekeur deur, die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 15

(2) In die geval van 'n verklaarde pad buite 'n stedelike gebied mag sodanige goedkeuring nie verleen word nie tensy—

(a) die padowerheid bereid is om 'n motorhek oor die ryvlak langs sodanige hek aan te bring; 20

(b) in die geval van 'n munisipale padowerheid, die Minister in kennis gestel is van die bou van so 'n motorhek en 'n geleentheid gebied is om kommentaar te lewer; en

(c) die persoon wat aansoek doen vir goedkeuring ten opsigte van 'n hek oor 'n verklaarde pad, sekuriteit aan die padowerheid, tot sy tevredenheid, verskaf het vir die betaling van ten minste 50 persent van die koste van die bou van die motorhek. 25

(3) Die betrokke padowerheid moet enige hek verwyder wat strydig met hierdie artikel opgerig is.

(4) 'n Padowerheid wat goedkeuring ingevolge subartikel (2) verleen het, moet die motorhek bou óf gelyktydig met óf so gou moontlik na die konstruksie van die hek ten opsigte waarvan die goedkeuring verleen is, in soverre fondse dit toelaat. 30

(5) Ondanks ander bepalings van hierdie Wet kan die Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, die oprigting verbied van hekke oor enige tipe of kategorie verklaarde pad, of enige spesifieke openbare pad of gedeelte daarvan, wat in die kennisgewing vermeld word. 35

(6) 'n Persoon wat hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

(7) 'n Padowerheid kan, na voldoening aan subartikel (8), 'n hek oor 'n verklaarde pad waarvan hy die padowerheid is, verwyder.

(8) 'n Padowerheid wat voornemens is om ingevolge subartikel (7) op te tree, moet elke eienaar van grond wat nadelig geraak kan word deur die verwydering van sodanige hek, by skriftelike kennisgewing in kennis stel van sodanige voorneme en dat besware daarteen by die owerheid aangeteken kan word voor of op 'n datum in die kennisgewing vermeld, wat ten minste 21 dae na die datum van die kennisgewing moet wees. 40

Motorhekke 45

54. (1) 'n Padowerheid kan 'n motorhek oor 'n verklaarde pad bou waarvan hy die padowerheid is, of kan so 'n motorhek sluit of verskuif, met dien verstande dat, waar nodig, die motorhek saam met 'n hek langs die motorhek bedryf word.

(2) 'n Motorhek en hek wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet wettiglik bestaan, word geag ooreenkomstig subartikel (1) gebou te wees. 50

(3) 'n Padowerheid kan 'n motorhek oor 'n verklaarde pad waarvan hy die padowerheid is, sluit of verskuif, en artikel 20 is met die nodige veranderinge in sulke gevalle van toepassing.

(4) 'n Padowerheid moet 'n motorhek wat bedryf word saam met 'n hek wat ingevolge artikel 53(7) verwyder is, verwyder gelyktydig met die verwydering van die hek. 55

Mynbedrywighede op of onder verklaarde paaie, spoorlyne, ander vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebiede

55. (1) Niemand mag enige mynbedrywighede op of onder 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of boubeperkingsgebied uitvoer nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, wat die toestemming kan verleen onderhewig aan voorwaardes wat gepas geag word. 5

(2) Waar dit nodig word om 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te verskuif of te herbou omdat dit ondermyn raak na die skepping daarvan, hetsy voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet of in stryd met subartikel (1), ten einde die veiligheid of belange van die publiek te bewaar, kan die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid die persoon verantwoordelik vir die ondermyning gelas om die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur veilig te maak of om voorsiening te maak vir die rekonstruksie daarvan tot tevredenheid van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, op die koste van sodanige persoon en binne 'n tyd wat die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid bepaal, by versuim waarvan die owerheid die werk kan doen en die koste van sodanige persoon kan verhaal. 10 15

Handel dryf op verklaarde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur of in boubeperkingsgebiede

56. (1) Behalwe soos in subartikel (3) bepaal, mag niemand sonder die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid se skriftelike toestemming of strydig met die bepalinge van sodanige toestemming handel dryf of goedere blootstel, aanbied of vervaardig vir verkoop nie— 20

- (a) op 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur; of
- (b) op of in enige vervoerinfrastruktuur onder beheer van daardie owerheid; of 25
- (c) in 'n boubeperkingsgebied.

(2) Toestemming ingevolge subartikel (1) kan deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verleen word—

- (a) in die geval van paaie en bykomstige padinfrastruktuur, slegs ten opsigte van persele of gebiede wat ooreenkomstig die Nasionale Padverkeerswet vir daardie doel gesoneer of afgebaken is; en 30
- (b) in die geval van spoorlyne en bykomstige openbare vervoerinfrastruktuur, slegs ten opsigte van spesiale gebiede wat deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid vir handelsdoeleindes aangewys is.

(3) Subartikel (3) is nie van toepassing nie op 'n persoon wat 'n besigheid of onderneming voortsit nadat 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur tot 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur verklaar is of grond 'n boubeperkingsgebied word, tensy daardie persoon by skriftelike kennisgewing deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gelas is om dit te staak. 35

(4) 'n Werknemer of persoon skriftelik daartoe gemagtig deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, 'n werknemer van 'n munisipaliteit wat aangewys of aangestel is om wetstoepassingsfunksies op 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te verrig, en 'n persoon wat ingevolge 'n padverkeerswet 'n verkeersbeampte vir die doel van die padverkeerswet is, kan— 40

- (a) indien sodanige werknemer, beampte of persoon (in hierdie artikel die "bevoegde beampte" genoem) op redelike gronde vermoed dat 'n persoon 'n handeling verrig het waarvoor die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid se skriftelike toestemming ingevolge subartikel (1) vereis word, vereis dat die persoon die skriftelike toestemming om daardie handeling te verrig, aan die bevoegde beampte toon; 45 50

- (b) indien die persoon aan wie die eis gestel word, versuim om so 'n skriftelike toestemming aan die bevoegde beampte te toon, of as die bevoegde beampte op redelike gronde vermoed dat 'n persoon 'n handeling verrig het wat ingevolge subartikel (1) onwettig is—

- (i) vereis dat daardie persoon se volle naam en woonadres daar en dan deur daardie persoon verstrekk word; 55

- (ii) daardie persoon gelas om uit die boubeperkingsgebied of die provinsiale pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te verwyder—

- (aa) elke artikel waarmee of ten opsigte waarvan daardie handeling verrig is of wat die bevoegde beampte op redelike gronde vermoed 60

- bedoel is vir gebruik vir of in verband met die verrigting van so 'n daad deur daardie persoon; of
- (bb) 'n struktuur, tent, voertuig, implement of ander voorwerp waarin, waarop of waarmee daardie handeling verrig is, of waarin of waarop daar so 'n artikel is, of wat die bevoegde beampte op redelike gronde vermoed bedoel is vir gebruik vir of in verband met die verrigting van so 'n daad deur daardie persoon; 5
- (c) 'n artikel, struktuur, tent, voertuig, implement of ander voorwerp in paragraaf (b)(ii) genoem, of wat die bevoegde beampte op die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of in die boubeperkingsgebied vind en op redelike gronde vermoed dat dit deur 'n persoon gebruik is of bedoel is om gebruik te word in verband met 'n oortreding van subartikel (1), van die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of die boubeperkingsgebied verwyder en die koste van die verwydering van die betrokke persoon terugeis. 10
- (5) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig— 15
- (a) by oortreding van 'n bepaling van subartikel (1); of
- (b) by versuim om sy of haar volle naam en woonadres ingevolge subartikel (4)(b)(i) aan 'n bevoegde beampte te verstrek; of
- (c) by versuim om 'n bevel wat ingevolge subartikel (4)(b)(ii) gegee is, te gehoorsaam. 20
- (6) 'n Munisipaliteit kan die funksies van die Provinsie ingevolge hierdie artikel onderneem by ooreenkoms met die Minister.

DEEL 9:

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN MINISTER EN PAD- OF OPENBARE VERVOERINFRASTRUKTUURWERHEDE 25

Spesifieke bevoegdhede om paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur te finansier en te bestuur

- 57.** (1) Die konstruksie, finansiering, beheer, toesig, bestuur, ontwikkeling, instandhouding, beskerming en rehabilitasie van alle verklaarde provinsiale paaie, spoorlyne en ander provinsiale vervoerinfrastruktuur berus by die Minister, wat vir genoemde aktiwiteite verantwoordelik is binne beskikbare finansiële hulpbronne en behoudens artikel 5. 30
- (2) Die Minister kan—
- (a) 'n verklaarde provinsiale pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur en heinings wat daarmee verband hou, beplan, ontwerp, bou, finansier, beheer, bestuur, ontwikkel, in stand hou, beskerm en rehabiliteer; en 35
- (b) finansiële en ander bystand aan 'n munisipaliteit verleen op voorwaardes wat die Minister bepaal—
- (i) vir die konstruksie of instandhouding van vervoerinfrastruktuur in sy regsgebied; of 40
- (ii) vir die onteiening deur daardie munisipaliteit van grond of 'n reg op grond vir die doel in paragraaf (i) vermeld;
- (c) 'n verklaarde munisipale pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur of gedeelte daarvan in die regsgebied van 'n munisipaliteit namens daardie munisipaliteit beplan, ontwerp, bou of in stand hou; en 45
- (d) enige bevoegdheid uitoefen wat redelikerwys bykomend of bykomstig is by die bevoegdhede in paragrawe (a) tot (c) genoem.
- (3) Die beplanning, ontwerp, konstruksie, finansiering, beheer, toesig, bestuur, ontwikkeling, instandhouding, beskerming en rehabilitasie van alle verklaarde munisipale paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur berus by die betrokke munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, wat vir genoemde aktiwiteite verantwoordelik is binne beskikbare finansiële hulpbronne en behoudens artikel 5. 50
- (4) 'n Munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n munisipale pad, spoorlyn of ander munisipale openbare vervoerinfrastruktuur in sy gebied beplan, ontwerp, bou, finansier, beheer, bestuur, ontwikkel, in stand hou, beskerm en rehabiliteer. 55

Algemene bevoegdhede en pligte van pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede

- 58.** (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan—
- (a) 'n dier verwyder of daarvoor beskik wat strydig met die Nasionale Padverkeerswet of enige ander wet binne die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur is, maar die owerheid is nie aanspreeklik om enige persoon te vergoed waar so 'n dier gedood of beseer word om gevaar vir verkeer te vermy nie; 5
 - (b) vervoerinfrastruktuur, boorgate, pompe en alle bybehore of geriewe verskaf en in stand hou wat hy nodig ag vir die reisende publiek; 10
 - (c) 'n gebou, hut, tent of ander struktuur vir die akkommodasie van beamptes en werkers in diens op vervoerinfrastruktuur of wat ander werk in verband daarmee verrig, oprig, bou en in stand hou hetsy op of, behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur; 15
 - (d) voorrade, installasies, masjinerie, toerusting of ander goed wat hy nodig ag vir die konstruksie of instandhouding van vervoerinfrastruktuur, hetsy op of, behoudens hierdie Wet, buite die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur berg; 20
 - (e) water neem of ander voorsiening maak vir water wat hy nodig ag om die bepalinge van hierdie Wet uit te voer: Met dien verstande dat water nie sonder die instemming van die eienaar uit 'n mensgemaakte dam, put of boorgat geneem mag word nie; 25
 - (f) behoudens die ander bepalinge van hierdie Wet, 'n ingang tot of uitgang uit 'n verklaarde pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur reguleer, beheer, sluit of verskuif; 25
 - (g) grond, implemente of toerusting wat hy besit, verhuur of daarvoor beskik, of regte op grond verhuur of daarvoor beskik wat verkry is vir of in verband met vervoerinfrastruktuur en nie onmiddellik benodig word nie, of sodanige implemente of toerusting uitleen of tydelike regte op sodanige grond toestaan, kosteloos; 30
 - (h) gebiede binne 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur rehabiliteer of belandskap of andersins verbeter; 35
 - (i) gelde of huurgeld vra vir enige magtiging, goedkeuring of toestemming wat aan 'n persoon verleen is vir die voorsiening, konstruksie, oprigting, vestiging, beoefening of bedryf op, oor of onder 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur van enigiets waarvoor hierdie Wet voorsiening maak bo en behalwe aansoekgelde, wat ook in voorgeskrewe bedrae gehef kan word; 35
 - (j) finansiële of ander bystand verleen, by ooreenkoms met 'n eienaar van grond, vir die bou van toegangspaaie en die oprigting of instandhouding van heinings, hekke of ander strukture op paaie, spoorlyne of ander openbare vervoerinfrastruktuur op grond aangrensend daaraan; 40
 - (k) 'n spoorlyn binne 'n pad lê, verskuif of verwyder; 45
 - (l) diensfasiliteite verskaf en die voorsiening van vulstasies, restaurante, speelgronde en ander fasiliteite toelaat vir gebruik deur die reisende publiek binne verklaarde paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur; 45
 - (m) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* die beweging van lewende hawe of ander diere anders as in 'n voertuig op enige pad in die kennisgewing vermeld, verbied of beperk, of bepaal dat lewende hawe nie sonder die skriftelike goedkeuring van die padowerheid op so 'n pad beweeg mag word nie, en kan, waar sulke lewende hawe op so 'n pad aangetref word strydig met so 'n kennisgewing of sonder sodanige goedkeuring, dit op die voorgeskrewe wyse skut. 50
- (2) Behoudens die Nasionale Padverkeerswet kan pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede die verkeerstekens, verkeersbeheertoestelle en merke verskaf en in stand hou wat hulle nodig ag vir die leiding en veiligheid van verkeer op paaie, en gepaste sinjale en tekens op spoorlyne. 55

Agentskapsoreenkoms vir pad- of openbare vervoerfunksies

- 59.** (1) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan 'n ooreenkoms in subartikel (2) beoog, aangaan met—
- (a) die Minister;
 - (b) 'n munisipaliteit; 5
 - (c) die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk ingestel by artikel 2 van die Wet op Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet No. 7 van 1998);
 - (d) die Suid-Afrikaanse Spoorpendelkorporasie Beperk ingestel ingevolge artikel 22(1) van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet No. 9 van 1989); 10
 - (e) die maatskappy Transnet Beperk ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet in paragraaf (d) genoem; of
 - (f) enige ander persoon of liggaam, 15
- in hierdie artikel “die ander party” genoem.
- (2) 'n Ooreenkoms in subartikel (1) beoog, kan aangegaan word waar—
- (a) die ander party enige van of alle verantwoordelikheid vir of in verband met 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur sal oorneem;
 - (b) die ander party werk in verband met 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur kan doen, insluitende die konstruksie en instandhouding daarvan, of die werk onder sy toesig kan laat doen, vir die rekening van die owerheid wat die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur besit, of dat die owerheid wat sodanige infrastruktuur besit, sodanige werk sal doen vir die rekening van die ander party, of anders ingevolge die ooreenkoms; 20
 - (c) die munisipaliteit waar die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur geleë is, verantwoordelik sal wees vir die wegdoen van alle stormwater vanaf sodanige pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of verlegging daarvan en uitgawe aangegaan in verband daarmee, en die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, indien nie die munisipaliteit nie, is nie verantwoordelik vir skade veroorsaak deur of voortspruitend uit die wegdoen van stormwater deur daardie munisipaliteit of die versuim deur hom om stormwater weg te doen nie; 30
 - (d) die owerheid wat die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur besit, enige van die funksies in hierdie Wet beoog, of werk vir die doel van of in verband met funksies van daardie aard, sal verrig in die regsgebied van, of op grond 35 behorende aan, die ander party, op koste van die ander owerheid, ooreenkomstig en behoudens hierdie Wet.
- (3) 'n Ooreenkoms ingevolge subartikel (2) kan voorsiening maak vir die deling van die koste van 'n projek tussen die partye.

DEEL 10: 40

WETLIKE EN ALGEMENE BEPALINGS

Eise teen pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede en beperking van aanspreeklikheid

- 60.** (1) Die Minister, enige munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid en enige agente of werknemers van die Minister of 'n 45 munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, of beamptes of werknemers van sulke owerhede of enige persoon wat vervoerinfrastruktuur bedryf of bou, is nie aanspreeklik nie vir skade of verlies wat 'n persoon gely het—
- (a) deur die gebruik van 'n deel van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur uitgesonder die ryvlak; of 50
 - (b) as gevolg van die sluiting of verskuiwing van 'n pad of spoorlyn ingevolge hierdie Wet.
- (2) Waar 'n nuwe pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur beplan word, is die Minister of die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid nie aanspreeklik vir eise vir waardevermindering van grond wat deur so 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur geraak sal of kan word deur eienaars van daardie grond of enige ander persoon nie. 55

- (3) Behalwe soos in subartikel (4) bepaal, kan geregtelike stappe nie teen die Minister, 'n munisipaliteit of enige ander persoon in diens van 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid gedoen word nie vir verlies of skade wat na bewering gely is deur 'n persoon (in hierdie artikel "die eiser" genoem) as gevolg van enige handeling met betrekking tot 'n pad, spoorlyn of ander openbare vervoerinfrastruktuur wat na bewering verrig of begaan is deur die Minister, 'n munisipaliteit of so 'n werknemer handelende in die uitvoering van sy of haar pligte of enige persoon handelende ten behoeve van die Minister of sodanige owerheid— 5
- (a) tensy dit gedoen word binne 12 maande na die datum waarop die eiser bewus geword het van die beweerde handeling of versuim, of na die datum waarop daar redelikerwys van die eiser verwag kon word om bewus te word van die beweerde handeling of versuim, wat ook al die vroegste is; en 10
- (b) voor verstryking van ten minste 90 dae nadat skriftelike kennisgewing van die eiser se voorneme om die geregtelike stappe te doen, met voldoende besonderhede van die beweerde handeling of versuim, aan die verweerder of respondent beteken is, tensy die verweerder of respondent aanspreeklikheid skriftelik ontken. 15
- (4) Die Hoë Hof met jurisdiksie om die geregtelike stappe te bepaal, kan op aansoek deur die eiser gelas dat enige vereiste van subartikel (3)(a) laat vaar of verslap word, of dat nienakoming daarvan gekondoneer word, in belang van geregtigheid. 20

Algemene verbodinge

- 61.** (1) Ondanks enige ander wet, maar behoudens subartikel (4), mag geen persoon of instelling, insluitende 'n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet, tensy by hierdie Wet gemagtig—
- (a) inbreuk maak op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur deur 'n gebou, struktuur, heining, voor, kanaal, sloot, motorhek of ander hindernis op te rig of te maak of deur 'n pypleiding, draad of kabel op, oor of onder sodanige pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te lê nie; 25
- (b) obstruksies wat vir verkeer gevaarlik kan wees, of enige vullis, puin, ashope, erdewerk, glas, blikke, spykers, stukke metaal, hout, boomstompe, klippe of ander materiaal op die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur plaas of laat nie; 30
- (c) 'n voertuig of deel daarvan op die reserwe van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur laat nie; 35
- (d) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur beskadig of brandstof of ander chemikalieë of gas op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of geplaveide oppervlak stort wat dit kan beskadig nie; 40
- (e) die grond, oppervlak, gruis, uitgrawings, verkantings of vore van 'n pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur opgrawe, verwyder of verander nie; 45
- (f) 'n bord, kennisgewingraamwerk, steierwerk of ander toestel met behulp waarvan 'n advertensie vertoon kan word, in, op of oor 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur oprig, bou, plaas of vertoon nie, behalwe soos by hierdie Wet of 'n ander wet toegelaat; 50
- (g) 'n figuur, letter, tekening, teken, simbool, graffiti of ander soortgelyke voorwerp of simbool op die ryvlak of 'n brug of 'n verkeerstekens verf of aanbring nie; 55
- (h) 'n brug bo-oor of 'n duiker of duikweg onderdeur 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur bou nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, wat voorwaardes kan stel wanneer sodanige toestemming verleen word; 60
- (i) elektriese of ander drade of pypleidings dra oor of ondergrondse kables of pypleidings lê oor, onder of op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur nie;
- (j) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur gebruik terwyl dit onder konstruksie of herstel is nie, behalwe op die wyse aangedui deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid deur padtekens of ander metodes;
- (k) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur sluit, verlê, verander of op enige manier inbreuk daarop maak nie;
- (l) penne of ander voorwerpe wat besering aan persone of diere of skade aan eiendom kan veroorsaak, aan 'n hek op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur heg nie; 60

- (m) bome, struik of ander verbeterings op paaie, spoorlyne of ander vervoerinfrastruktuur opsetlik beskadig nie;
- (n) 'n beampte, werknemer of agent van 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of 'n ander persoon wat deur daardie owerheid gemagtig is, by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet hinder of dwarsboom nie; 5
- (o) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur wat die publiek geregtig is om te gebruik, sluit of 'n heining of ander versperring oprig om die publiek te verhinder om so 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur te gebruik nie; 10
- (p) ligte laat skyn, of die verligting versterk, op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur op 'n wyse wat 'n gevaar vir die verkeer inhou nie;
- (q) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur wat deur gepaste padtekens vir verkeer gesluit is, gebruik nie;
- (r) onwettig in die reserwe of binne die boubeperkingsgebied van 5 meter van 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur wat besit word deur of onder beheer is van 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, woon of dit okkupeer nie; 15
- (s) 'n verkeerstekens op enige pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur oprig nie; 20
- (t) verkeer na 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur afkeer nie;
- (u) 'n opmeetpen wat deur die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid of sy agent, landmeter of kontrakteur by die verrigting van sy of haar pligte geplaas is, verander, beweeg, versteur of beskadig nie;
- (v) lewende hawe op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur beweeg nie sonder die vooraf goedkeuring van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid; 25
- (w) 'n toegang tot of 'n uitgang uit 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en 'n aangrensende eiendom bou op enige manier wat ongemagtigde voertuig- of NGV-toegang tussen die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur en die eiendom moontlik maak nie. 30
- (2) Geen wet wat die verrigting van 'n handeling beoog in subartikel (1) magtig, verleen aan enige ander persoon as die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid sodanige reg nie sonder die goedkeuring van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid. 35
- (3) 'n Pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid kan die verrigting van 'n handeling wat by subartikel (1) verbied word, skriftelik magtig, behoudens die voorwaardes, vir die tydperk en by betaling van die voorgeskrewe gelde of huurgeld, indien hy oortuig is dat geen skade aan die pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of benadeling van die publiek daaruit kan voortvloei nie. 40
- (4) Sodanige gelde of huurgeld kan op 'n periodieke basis bepaal word of betaalbaar wees, en sodanige voorwaardes kan bepaal dat die aansoeker die koste daaraan verbonde moet betaal.

Misdrywe en strawwe

- 62.** (1) 'n Persoon wat 'n bepaling van artikel 61(1) of enige ander bepaling van hierdie Wet oortree wat nie elders tot 'n misdryf verklaar is nie, is aan 'n misdryf skuldig. 45
- (2) Sonder om die wye omvang van subartikel (1) in te kort, is 'n persoon wat—
- (a) 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur of enigiets daarop of wat deel daarvan uitmaak, beskadig, vernietig of ontsier; 50
- (b) sonder die vooraf skriftelike toestemming van die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid 'n heining, muur, heg, sloot, voor of ander versperring langs, deur, oor of onder 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur oprig;
- (c) 'n obstruksie of hindernis op, in, oor of onder 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur plaas; 55
- (d) enigiets wat waarskynlik gevaarlik, skadelik of nadelig vir verkeer kan wees, op 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur gooi of plaas of veroorsaak of toelaat dat dit aldus gegooi of geplaas word;
- (e) op grond aangrensend aan 'n pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur enige stof, materie of ding plaas, ophoop of stort of veroorsaak of toelaat dat 60

dit aldus geplaas, opgehoop of gestort word, wat op sodanige pad of spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur gewaai of gespoel word of waarskynlik sal word of waarskynlik aanstootlik, gevaarlik, skadelik of nadelig vir verkeer sal wees;

- (f) 'n werknemer, agent of kontrakteur van 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid in die uitoefening of verrigting van die bevoegdheids, pligte en funksies verleen en opgedra aan sodanige werknemer of agent by of ingevolge hierdie Wet, dreig, weerstaan, hinder of belemmer of vuil, vernederende of beledigende taal teenoor sodanige werknemer, agent of kontrakteur gebruik; 5
10
- (g) valslik voorgee om 'n werknemer, agent of kontrakteur van 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid te wees; of
- (h) 'n pen, baken of ander metode van identifikasie wat vir doeleindes van hierdie Wet deur of namens 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid op, in, oor of onder of geheg aan die grond geplaas is, verskuif, verwyder, 15
beskadig of vernietig,

skuldig aan 'n misdryf.

(3) 'n Persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) of (2), is strafbaar met gevangenisstraf van hoogstens een jaar of 'n boete van hoogstens R100 000. 20

(4) Benewens enige ander straf kan 'n hof wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) of (2), die persoon vonnis tot 'n boete, betaalbaar aan die betrokke pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid, gelyk aan die bedrag van alle uitgawes deur sodanige owerheid aangegaan, of wat sodanige owerheid raam deur hom aangegaan is, in verband met enige werk wat nodig was om die verklaarde pad, spoorlyn of ander vervoerinfrastruktuur tot sy vorige staat te herstel of, waar van toepassing, die betrokke skade te herstel, en by versuim om sodanige boete te betaal, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande. 25

(5) Subartikel (4) verhinder nie die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid om enige bedrag wat hy geregtig is om te verhaal, van enige persoon te verhaal nie, minus, waar van toepassing, enige tersaaklike boete wat ingevolge subartikel (4) betaal is, ongeag of die persoon aangekla is van of skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie artikel. 30

Regulasies

63. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig— 35
- (a) wat standarde en kriteria voorskryf vir die beplanning, ontwerp, ontwikkeling, konstruksie, bestuur, beheer, instandhouding, beskerming en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur of vir pad- en spoorveiligheid in die Provinsie, en hierdie standarde en kriteria kan verskil met betrekking tot verskillende tipes paaie of spoorlyne, met dien verstande dat sodanige standarde en kriteria betreffende spoorlyne en vervoerinfrastruktuur rakende spoorbedrywighede beheer word deur die betrokke bepalings van die Wet op die Regsopvolging van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, 1989 (Wet No. 9 van 1989), en die National Rail Safety Regulator Act, 2002 (Wet No. 16 van 2002); 40
45
- (b) wat meganismes en vereistes voorskryf vir die monitering van die verrigting deur pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede van hulle funksies ingevolge hierdie Wet, prestasiestandaarde of -aanwysers en die finansiële en ander gevolge van versuim deur pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede om hulle pligte of funksies ingevolge hierdie Wet uit te voer of om dit toereikend uit te voer; 50
- (c) wat standarde en kriteria voorskryf vir die ontwerp, konstruksie, beheer en bestuur van motorhekke betreffende—
- (i) grootte, materiaal, modus van konstruksie, vlak en posisie;
- (ii) die lengte en breedte van aanlope van die ryvlak na 'n motorhek; 55
- (iii) die tekens wat opgerig en in stand gehou moet word om waarskuwing van 'n motorhek en die sluiting of verlegging van 'n motorhek te gee;
- (iv) die behoorlike bestuur, instandhouding en beheer van motorhekke;
- (d) wat die wyse en vorm voorskryf waarin enige aansoek gedoen moet word wat by hierdie Wet beoog word, die inligting wat daarin verstrekk moet word en die gelde, indien wel, wat vir die aansoek betaal moet word; 60

- (e) vir die gebruik, beheer en beskerming van ruskampe, rusplekke en veekampe op of as deel van verklaarde paaie;
- (f) wat die wyse voorskryf waarop pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerhede rekening moet hou van geld wat ontvang of uitbetaal word ten opsigte van paaie, en van betalings in en uit die Fonds; 5
- (g) wat voorskryf hoe die koste van pad-, spoorlyn- of ander vervoerinfrastruktuurwerke bereken moet word;
- (h) behoudens Deel 5—
- (i) wat items voorskryf wat in aanmerking kom vir subsidie en items wat nie aldus in aanmerking kom nie ten opsigte van enige kategorie uitgawe; 10
- (ii) wat voorsiening maak vir uitsluitings van betaling van subsidie-uitgawes in enige kategorie items wat die Minister as ongeregverdig of onnodig beskou; en
- (iii) wat die betaling van subsidie op die uitgawe aan enige werk afhanklik maak daarvan dat die werk uitgevoer word ooreenkomstig planne en spesifikasies wat deur die Minister goedgekeur is; 15
- (i) wat voorskryf aan wie, en datums waarop, eise vir subsidie voorgelê moet word;
- (j) wat 'n vorm voorskryf wat gebruik moet word in verband met enige eis vir vergoeding of in verband met enige aansoek, magtiging, goedkeuring, toestemming of vrystelling waarvoor hierdie Wet voorsiening maak, of wat die inligting voorskryf wat verstrekk moet word en die prosedure wat gevolg moet word in verband met enige van hierdie aangeleenthede; 20
- (k) wat gelde voorskryf wat betaal moet word vir enige aansoek, magtiging, goedkeuring, toestemming of vrystelling waarvoor hierdie Wet voorsiening maak; 25
- (l) behoudens die Wet op Besighede, 1991 (Wet No. 71 van 1991), wat handeldryf in of op enige vervoerinfrastruktuur reguleer;
- (m) met betrekking tot enige aangeleentheid wat, ingevolge hierdie Wet, deur die Minister voorgeskryf kan of moet word of beheer, gereguleer of bepaal kan of moet word deur middel van 'n regulasie deur die Minister uitgevaardig; en 30
- (n) oor enige ander aangeleentheid wat die Minister nodig of dienstig ag om die oogmerke van hierdie Wet te bevorder.
- (2) Sodanige regulasies kan, in gepaste gevalle, bepaal dat 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n regulasie 'n misdryf is, en kan voorsiening maak vir die oplegging van gevangenisstraf van hoogstens drie maande of 'n boete van hoogstens R100 000. 35
- (3) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) vir verskillende tipes paaie, spoorlyne of openbare vervoerinfrastruktuur uitgevaardig word.
- (4) Die uitvaardiging of wysiging van regulasies ingevolge subartikel (1) wat finansiële implikasies het, moet in oorleg met die Minister van Finansies geskied. 40

Verordeninge

- 64.** (1) Waar 'n munisipale pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid verordeninge uitvaardig ten opsigte van verklaarde paaie, spoorlyne of ander openbare vervoerinfrastruktuur waarvan hy die pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid is, betreffende enige ander aangeleentheid wat die munisipaliteit as noodsaaklik of dienstig beskou om die oogmerke van hierdie Wet te bevorder met betrekking tot verklaarde munisipale paaie, spoorlyne of ander openbare vervoerinfrastruktuur, mag sodanige verordeninge nie met die bepalings van hierdie Wet strydig wees nie. 45
- (2) Waar sodanige verordeninge bepaal dat 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n verordening 'n misdryf is, moet die strawwe wat vir sodanige misdryf gestel word, by ooreenkoms met die Minister gestel word. 50
- (3) Die bepalings van die Grondwet en enige wet van toepassing op plaaslike regering betreffende die uitvaardiging van verordeninge is van toepassing op die uitvaardiging van verordeninge ingevolge hierdie artikel. 55

Appèlle

- 65.** (1) Enige geaffekteerde persoon kan na die Minister of 'n beampte van die Departement deur die Minister aangewys, appelleer teen 'n besluit wat ingevolge hierdie Wet deur 'n pad- of openbare vervoerinfrastruktuurowerheid geneem is.
- (2) 'n Appèl ingevolge subartikel (1) moet op die voorgeskrewe wyse en by betaling van die voorgeskrewe gelde aangeteken en hanteer word. 5
- (3) Die Minister kan 'n appèl oorweeg en beslis of kan 'n appèlpaneel aanstel wat saamgestel is soos voorgeskryf, om die appèl te oorweeg en die Minister daaroor te adviseer. 10
- (4) Die Minister kan, na oorweging van so 'n appèl, die besluit, bepaling, voorwaardes en lasgewing bevestig, ter syde stel of wysig of enige ander gepaste bevel gee, insluitende 'n bevel dat die voorgeskrewe gelde betaalbaar deur die appellant, of enige deel daarvan, terugbetaal word.
- (5) 'n Appèl ingevolge hierdie artikel hef nie 'n besluit of noodsaaklike handeling in verband met die bepaling van hierdie Wet op nie, tensy die Minister anders gelas. 15

Delegasies

- 66.** (1) Behoudens subartikel (2) kan die Minister 'n plig, reg of bevoegdheid wat by hierdie Wet verleen of opgedra is, aan die Departementshoof of 'n beampte van die Departement deleger.
- (2) Subartikel (1) is nie op die bevoegdheid om eiendom of regte ingevolge artikel 39 te onteien of om regulasies ingevolge artikel 63 uit te vaardig, van toepassing nie. 20

DEEL 11:

ANDER BEPALINGS

Herroeping en uitsluiting

- 67.** (1) Die volgende wette en ordonnansies word uitgesluit van toepassing in die Provinsie: 25
- (a) die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940);
 - (b) die Ordonnansie op Paaie [Kaap], 1976 (Ordonnansie No. 19 van 1976);
 - (c) die Wet op Uitbreiding van Bevoegdhede van Uitvoerende Komitees en Administrateurs, 1964 (Wet No. 41 van 1964). 30

Kort titel en inwerkingtreeding

- 68.** (1) Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2008, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.
- (2) Verskillende bepalinge van hierdie Wet kan op verskillende datums in werking gestel word. 35

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE KONSEPWETSONTWERP OP VERVOERINFRASTRUKTUUR, 2008

Dit is die voorneme van die Departement van Vervoer en Openbare Werke om die Minister van Vervoer in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering te versoek om die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur in die Wetgewer in te dien na afloop van die proses van openbare oorlegpleging oor die Konsepwetsontwerp. Die proses om die Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur, 2008, te adverteer, is daarop gemik om kommentaar van die publiek in te win en om die kommentaar wat ontvang word, in die finale Wetsontwerp op te neem voordat dit deur die Minister by die Wetgewer ingedien word.

Die Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur (WKWVI) sal, nadat dit gepromulgeer is, die Provinsie en munisipaliteite in staat stel om vervoerinfrastruktuur onder die kategorieë hoofpaaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur te administreer onder 'n nuwe wetgewende raamwerk. Prosedures is ingesluit wat voorsiening sal maak vir die verklaring van vervoerinfrastruktuur en vir die beplanning, onteiening, konstruksie, bestuur, beheer en instandhouding van infrastruktuur.

Die Wetsontwerp vervang funksies waarvoor bestaande wetgewing voorsiening maak, maar het verskeie eienskappe wat nuut is en voortspruit uit die vereistes en mandate van die Provinsie en munisipaliteite om die rol van vervoer te verhoog deur infrastruktuur te verskaf wat die bedryf van alle vervoermodusse steun, insluitende niegemotoriseerde vervoer, openbare vervoer, die aflewering van goedere, en private voertuie. Dit word in hierdie memorandum verduidelik:

Vervanging van ander wetgewing deur WKWVI

- Die WKWVI is primêr daarop gemik om die Ordonnansie op Paaie, No. 19 van 1976, en die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940), te vervang. Albei stukke wetgewing kom uit die era voor die Grondwet, Wet 108 van 1996, is onbestaanbaar met die institusionele strukture wat vandag ingevolge die nuwe bedeling bestaan en is nie 'n toereikende weerspieëling van die behoeftes nie.

Paaie teenoor strate—paaie wat ingevolge die Wetsontwerp hanteer word

- Die WKWVI sal in ooreenstemming met die Grondwet wees en sal noodsaaklike padbestuursfunksies wat deur die DB&OW vereis word, op datum bring. Die klem van die Wetsontwerp is die bestuur van hoërorde primêre, hoof- en distrikspaaie in die Provinsie, wat as landelike verkeersare tussen dorpe dien en hoërorde munisipale verkeersaarfunksies vervul.

Administrasie van munisipale strate

- Munisipale strate, synde laerorderstrate wat onder 'n munisipaliteit ressorteer, word van die Wetsontwerp uitgesluit, in die verwagting dat dit ingevolge die Munisipale Ordonnansie of 'n vervangende Provinsiale wet of ingevolge 'n munisipale verordening op strate geadministreer sal word.
- Die bepalings van hierdie Wet betreffende die verklaring, regulering, beheer en bestuur van verklaarde munisipale paaie is nie bedoel om inbreuk te maak op bevoegdhede van munisipaliteit om wetgewing aan te neem oor die aangeleentheid van "munisipale paaie" wat in Deel B van Bylae 5 van die Grondwet genoem word en waarvoor bevoegdhede ingevolge artikel 156(1) en (2) van die Grondwet aan munisipaliteite verleen word nie, maar sal aan munisipaliteite opsionele bemagtigende bepalings, standaarde, moniteermeganismes en subsidies vir sulke paaie bied.
- Dit volg dat munisipaliteite verordeninge vir die administrasie van munisipale paaie kan uitvaardig om enige deel van hierdie Wet te vervang of uit te brei, behalwe waar die bedoeling is dat 'n munisipale pad 'n subsidie van die Provinsie sal ontvang, in welke geval die administrasie van die munisipale pad ingevolge hierdie Wet moet geskied.

Uitbreiding van bestek om openbare vervoerinfrastruktuur in te sluit

- Die WKWVI vergroot die bestek van vervoerinfrastruktuurwetgewing verder as dit wat in die huidige Ordonnansie en ARRDA gedek word, wat in wese uitsluitlik bedoel is vir die verklaring en administrasie van padkonstruksie en instandhouding

van Provinsiale paaie en die finansiering van “geproklameerde” munisipale hoofpaaie.

- Die KWVVI sal nou benewens paaie voorsiening maak vir die verklaring van openbare vervoerinfrastruktuur, soos swaar of ligte spoorstelsels en hoë-orde openbare vervoerstelsels vir BRT-tipe stelsels.
